

George Ross

God se vergifnis vir
ons beteken om
mekaar te vergeef en
om jouself te vergeef



Vergifnis

MAAK JOU VRY!

VERSOENING!
ERLOSSING!
RYHEID!
REDE!

"Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie." Matteus 6:14-15

Vergifnis

MAAK JOU VRY!

VERSOENING!

VERLOSSING!

VRYHEID!

VREDE!

George Ross

Teks & Ontwerp: George Ross
Skrifredakteur: Nico Thorne

Redigering, Uitleg en Vertaling: Louis van Rooyen

Eerste publikasie in Suid-Afrika in 2026
deur KCS Marketing (Edms.) Bpk.

Kopiereg KCS Marketing (Edms.) Bpk.
Tekskopiereg George Ross
Kopiereg op sketse George Ross
tensy anders aangedui

Gedruk en gebind deur Jetline

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n
herwinningstelsel geberg of in enige vorm of op enige wyse,
hetsy elektronies, meganies, deur fotokopiëring, opname of
andersins, versend word sonder om vooraf die toestemming
van die kopiereghouer te verkry nie.

Ander boeke deur George Ross:

The Forgiven
The Remnant
The Evangelist
30 Bible Essentials
30 Kerctraktate

Almal gratis te kry!

Laai af en ontdek meer by
www.bibletrakts.com

ISBN 97811-04-923513-4



Inhoud

Inleiding	4
1 Is jy vergewe?	9
2 Wag ek vir hom wat my te na gekom het om verskoning te vra voor ek hom vergewe?	41
3 490: Sewentig maal sewe	71
4 Sal God my vergewe as ek ander mense nie vergewe nie?	85
5 Waarom moet ek die persoon wat my te na gekom het, vergewe?	103
6 Hoe om te berus	125
7 Wat gebeur as ek nie vergewe nie?	145
8 Mense vergewe nie maklik nie	163

Inleiding

Voor ek met hierdie projek, wat ek *Vergifnis* noem, begin het, het 'n vriend my gevra om die kernboodskap duideliker te stel. My eerste reaksie was doodgewoon: "Die boodskap is mos in die boek!"

Maar toe voel ek die inleiding is dalk te bondig om die volle krag van wat ek wil oordra, vas te vang. In baie opsigte, sien, is dié boek nie konvensioneel nie. Dit het ontstaan uit 'n preek wat ek vroeg in 2025 in Klerksdorp, Suid-Afrika, gehoor het– 'n preek wat my begrip van vergifnis wesenlik verander het. Dit het my oë geopen vir die breë Bybelse boodskap wat ek misgekyk het, omdat ek te nougeset ingestel was op die fyn detail. Ek het my spreekwoordelik blind gestaar teen die besonderhede.

Met dié boek probeer ek om wat werklik saak maak, uit te lig.

Ek hoop dit sal jou tot nadenke stem en help om die Bybelse boodskap van vergifnis getrou in jou daaglikse lewe uit te leef.

Ek het uiteindelik toegegee aan die versoek tot groter duidelikheid, want ek glo ons moet, sover dit menslik moontlik is, uit 'n Christelike perspektief begryp wat vergifnis werklik is.

Een van my vroegste herinneringe is van my wat langs my bed kniel, terwyl my ma die gebedswoorde wat Christus sy dissipels geleer het aan my voorsê.

Só moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word..." Matteus 6:9

Inleiding

Christus beveel ons om ons Vader in die hemel te eer en te aanbid, want al die eer en glorie kom Hom toe. **Hy is die finale maatstaf van geestelike volwassenheid.** As ons, as verlore mense, kan groei om te dien as voorbeeld van hoe ons in Goddelike volwassenheid kan vergewe, sal ons die werktuie van vrede en harmonie word in die hoek van sy wingerd waar Hy ons geplaas het.

Hoewel dié waarhede jonk-jonk aan my oorgedra is, het die ware betekenis eers heelwat later tot my deurgedring. Het ek vergifnis ontvang toe ek my hand tydens 'n kerkdiens opgesteek het? Ja. Maar het ek toe verkeerdelik geglo dit waarborg dat ek vir altyd vergewe is, eenvoudig omdat ek bely het en my verbind het tot lewenslange heiligmaking? Ek was nie seker nie. Ek het geglo: "Eens verlos, altyd verlos."

Tog leer die Skrif ons dat vergifnis onlosmaaklik verbind is aan hoe ons mekaar vergewe. Dis nie 'n eenmalige transaksie nie; dis 'n lewenslange tog van heiligmaking en genade.

En vergeef ons ons skulde, soos ons ook hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan. Matteus 6:12

Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie. Matteus 6:15

- **Geniet die boek! Ek vertrou 'n dieper insig in die Bybelse vergifnis sal jou seën, soos dit my geseën het.**

George Ross



Om ander te vergewe

“Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

Dié teks uit Matteus 6:14-15 beklemtoon dat ons vergifnis van mekaar gekoppel is aan ons hemelse Vader se vergifnis van ons.

God se Vergifnis van ons

“As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig.” 1 Johannes 1:9

“So ver as wat die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredings van ons.” Psalm 103:12

Om jouself te vergewe

Selfvergifnis kan nie as 'n afsonderlike daad beskou word nie, tog kan sekere skriflesings benut word om foute uit die verlede uit die weg te ruim en God se genade te aanvaar.

“Nie dat ek dit alles reeds verkry het of my doelwit reeds bereik het nie, maar ek streef om dit waarvoor Christus my aangeneem het, aan te gryp. Broers en Susters, ek beroem my nie daarop dat ek dit reeds verkry het nie. Maar een ding doen ek wel: Ek vergeet die verlede en beur vorentoe.”

Filippense 3:12-13 praat van om vooruit te strewe en die verlede te vergeet.



*Om Hemel toe te gaan,
staan op twee pilare:*

*Liefde
en
Vergifnis*

1

*Is
jy
vergewe?*

#1 *Voor ons begin*

Liewe Leser

Ek skryf dié boek nie op grond van 'veronderstelde kennis' nie. Daarmee bedoel ek, ek *weet* wie jy is en wat jy nodig het!



Jy is dalk een van daardie liewe mense wat jou hand tydens 'n evangelieveldtog opgesteek het en Jesus as jou persoonlike Saligmaker ontvang het. Of anders is jy jou lewe lank 'n toegewyde kerkganger, en het Jesus Hom reeds in jou hart as jou Verlosser gevestig. Hiervan weet ek niks.

- **Wat die lewe my immers geleer het, is dat om ander mense te vergewe, nie net met hulle te doen het nie – dis ewe noodsaaklik vir jou eie vrede en welsyn! Dít is in wese waarom dit met vergifnis gaan. En dis ook waarom hierdie boek gaan.**

Is jy vergewe?

Vergifnis smaak so soet dat heuning in vergelyking bitter is. Tog is daar iets wat nog soeter smaak: om te vergewe. Dit maak mens gelukkiger om te gee as om te ontvang; eweneens is **om te vergewe** 'n groter seëning as **om vergewe te word**.



C H Spurgeon



'n Kunstenaarsvoorstelling van die Metropolitaanse Tabernakel in Londen. Dis ontwerp om duisende mense te huisves en is waar Spurgeon sy bediening tot met sy dood in 1892 bedryf het.

#2 *Hoe vergewe ek...*

Die Vraag:
Hoe vergewe ek myself?

Die Antwoord:
Jy kan nie.

Die Rede:
**God is die Een
wat vergewe.**

Hoe vergewe ek myself dan?

Wel, dis 'n vraag wat ek al oor en oor gehoor het! Hoe vergewe ek myself?

Dink deeglik na, liewe leser! Want weet jy wat? Jy kan jouself nie vergewe nie.

Hoekom is dit?

Want jy is nie die Een wat vergewe nie.

myself?

“Die goddelose moet van sy pad afsien, en die boosdoener van sy planne. Hy moet na die HERE terugkeer, sodat Hy hom genadig kan wees.”

Jesaja 55:7

“Wend julle tot My, en word verlos, almal van die uithoeke van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.”

Jesaja 45:22

Waarom haal ek juis Jesaja aan?

Omdat hy die eerste en die grootste van die vier vernaamste Ou Testamentiese profete is en ewe veel deur Jood en Christen geëer is.

- **Jesaja het in die 8ste eeu vC in Jerusalem geleef en gepreek.**



Jean Louis Ernest Meissonier (1815-91) - Jesaja

#3 Ek vra weer:: Hoe vergewe ek myself?

“Feitlik alles is volgens die wet met bloed gereinig;
ja, sonder bloedvergieting vind geen vergifnis
plaas nie.” Hebreërs 9:22

Mens kan jouself nie vergewe nie!
Wie se bloed kan *jy* vergiet?

Jy **hoef** **nie.**
Dis **reeds** **vir** **jou**
gedoen.

“Die oordeel is immers sonder
ontferming oor hulle wat nie
ontferming betoon het nie.
Ontferming triomfeer oor
die oordeel.”

Jakobus 2:13



Jy kan nie.

God is die Een wat vergewe.

Hoe vergewe ek myself?

Dink bietjie na:

As ek myself kan vergewe, moet ek God wees. Dan moet ek sy plek inneem en sy gesag aanneem. Dis onmoontlik.

Dis per definisie 'n sonde!

Ek is nie hier om die bestaan van die Skeppergod te debatteer nie – dit kan jy self sien.

Dus moet ek my lewe oorgee aan die Een wat die sonde vergewe.

Kom ons aanvaar dié fundamentele waarheid en berus ons daarby!

#4 *Verlossing...*

Verbeel jou jy loop langs die see in wat jy dink vlak water is. Jy is ver van die strand af. Skielik is die water diep en jy kan nie meer op die bodem trap nie – en jy kan nie swem nie! Paniek oorval jou, want jy besef jy gaan verdrink, en in daardie aaklige oomblik besef jy jy kan jouself nie red nie.

Jy sal seker bly wees as iemand vir jou 'n lewensboei gooi, sodat jy kan uitkom!




'n kort definisie 1

Ons was besig om in sonde te verdrink, ons kon onself nie red nie, ons verhouding met God was gebroke, ons was heeltemal hulpeloos en afhanklik van die Lewensredder.

Verlossing is God wat ons uit ons hulpeloosheid red – die oomblik wanneer ons hulpkreet deur Jesus beantwoord word.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed.

Matteus 11:28-29



#5 *Verlossing...*

Is **Vergifnis** verwant aan **Verlossing** in die Bybel?

Dié vraag het in my binneste gebrand toe ek met hierdie boek begin het – en hoewel die Bybel boekdele daaroor spreek, veel meer as wat dié paar blaaie kan dek, is die ware uitdaging nie die gebrek aan inligting nie... **dis of ons gewillig is om kennis te neem van wat dit werklik sê.**

'n kort definisie 2


Maar verlossing is onmoontlik sonder vergifnis.

Verlossing is die wyse waarop God ons verlos van die gevolge van die sonde; ons sien die finale uitleef van daardie genade in Christus. Hy bied ons sy vergifnis vrylik, maar dit moet deur berou en geloof ontvang word. Dis so eenvoudig; dis wat ons kleintyd by ons Christelike ouers leer.

God se vergifnis en ons vergifnis van ander mense is met mekaar verweef.



#Verlossing...



Dié prentjie beeld die steniging van die heilige Stefanus uit, soos in Handeling 7:59-60 opgeteken: “En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: ‘Here Jesus, ontvang my gees!’ Hy het op sy knieë geval en met ’n harde stem uitgeroep: ‘Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!’”

- **Stefanus se woorde van vergifnis openbaar die diepte van sy verlossing – ’n nederige hart ten volle één met Christus, selfs in die dood.**


'n kort definisie 3

Wat uitstaan in die verhaal van Stefanus is die voltrekking van die 490-jaar-profesie, naamlik Israel se verwerping van sowel die Messias as sy boodskap van vergifnis.

Op hierdie deurslaggewende oomblik verskyn Saulus, 'n jong man wat teenwoordig is by Stefanus se teregstelling, nie as 'n blote omstander nie, maar iemand wat die gebeure goedkeur en die klipgooiers se klere oppas. Handeling 7:58 skets die toneel: "Die getuies het hulle boklere neergesit by die voete van 'n jong man bekend as Saulus."

Dit toon dat Saulus hom by die klipgooiers geskaar het, en die gebeure stilswyend onderskryf het. Tog, te midde van die grusaamheid, hef Stefanus sy stem in genade op: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie." (Handeling 7:60). Sy laaste woorde eggo die genade van Jesus se kruiswoorde: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Lukas 23:34)

- **Stefanus se gebed openbaar 'n hart ten volle oorgegee aan God – hy vergewe sy vyande terwyl hulle hom doodmaak.**



#7 Verlossing...

Toe dink ek: kom ons definieer verlossing – 'n woord wat ek geglo het ek verstaan het die oomblik toe ek my hand in daardie kerkdiens opgesteek het. In sy kern beteken verlossing bevryding, redding, beskerming teen leed, verlies of vernietiging. Dis 'n reddingsboei, 'n uitweg, 'n ontsnappingsroete.




Ja, dit is beslis waar.

Maar dan volg die vraag wat my prik terwyl ek skryf: Beteken verlossing *eens gered, altyd gered?*

- Dis 'n kwessie van meer as net doktrine – dis 'n kwessie van die hart. Wat beteken dit om werklik gered te wees? Is dit 'n oomblik of 'n reis? 'n Besluit, of 'n daaglikse oorgawe?

~~EENS GERED, ALTYD GERED~~ *vals*

'n kort definisie 4



Ja, daar steek meer in die saak. Vreemd genoeg kom die woorde *verlossing* en *vergifnis* net een keer in die ganse Bybel saam voor – 'n seldsame koppeling wat boekdele spreek. **Dié ver-**

skynsel is nie toevallig nie; dis wesentlik: Mens kan verlossing nie sonder vergifnis hê nie. Verlossing is God wat ons van die nagevolge van die sonde red, en vergifnis is die weg waarlangs dit geskied.

Lees hieronder wat Paulus hieroor te sê gehad het. Hy was beslis bekwaam! As 'n voormalige Fariseër, was sy kennis van God se Woord ongeëwenaar.

“Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly voortleef, sodat die genade kan toeneem? Hoegenaamd nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog langer daarin bly leef? Of weet julle nie ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood in gedoop is nie? Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, so ook ons 'n nuwe lewe sal lei.”

Romeine 6:1-4

#Verlossing...

Wanneer Jesus ons vergewe, word ons sondes uitgegee, die lei skoon gegee.

"Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word." Jesaja 1:18

Die doop is 'n openbare belydenis van geloof, wat die dood van 'n ou lewe en die geboorte van 'n nuwe lewe in Christus simboliseer. Dit verteenwoordig die vergifnis van sonde, 'n belofte om Jesus te volg, en om één te wees met Hom in sy dood en wederopstanding.



***Bekeer julle en laat
elkeen van julle in
die Naam van Jesus
Christus tot verge-
wing van julle son-
des gedoop word, en
julle sal die Heilige
Gees as gawe van
God ontvang.***

Handelinge 2:38

'n kort definisie 5



Wanneer Christene die nagmaal neem, onthou hulle Jesus se opoffering deur brood te eet en wyn te drink, wat sy liggaam en bloed simboliseer.

Dis 'n geestelike daad van herdenking, persoonlike bekering en hernude eenheid saam met mede-gelowiges.

Onthou van die Nagmaal:

“*Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens van die brood eet en uit die beker drink. Want die een wat eet en drink sonder om die liggaam van die Here daarin te onderskei, is besig om 'n oordeel oor homself te eet en te drink.*”

1 Korinthiërs 11:28-29

#9 Paulus kon nooit uitgepraat raak oor sy onderwerp nie...

In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade.

Efesiërs 1:7



Paulus praat hier kennelik van die Here Jesus Christus, die hooftema van sy prediking en sy briewe.

Dertien Nuwe Testamentiese ge-

skrifte word aan hom toegeskryf, hoewel daar 'n mate van twyfel daaroor bestaan. Dié skrywes tel onder die oudste Christelike dokumente, en belig die geloof en stryd van die eerste gelowiges.

Let wel: Paulus was 'n Fariseër wat onder die gerepekteerde rabbi Gamaliël gestudeer het, en deeglik onderlê was in die Mosaïese wet. Hy het sedert sy jeug 'n diepgaande en besondere kennis van die Ou Testament gehad, waardeur hy die Ou Testamentiese profesieë met die lewe van Jesus verbind het.

*want vir hom was
Christus
'n onuitputlike bron.*

Met Paulus was dit Christus eerste, Christus laaste, Christus in die middel, Christus oral – en dus kon hy nie sy pen optel sonder om die lof van sy glorieryke Heer en Verlosser te besing nie!

*Portret van die apostel Paulus
deur Rembrandt Harmenszoon
van Rijn, 31 Desember 1632.*

*Dié skildery beeld Paulus uit
op die oomblik toe 'n
openbaring hom ontroer.*

*Hy hou op skryf om na te
dink. Voor die dag wanneer
die Here weer kom, sal die
Antichris die wêreld regeer.
Die Tessalonisense, wat alle
gelowiges verteenwoordig,
moet dit ter wille van die
Verlossing verduur.*



**GROOT VERGIFNIS
VIR GROOT SONDE!**

#10 *Damaskus-*

Paulus het goeie rede gehad om die Evangelie te verkondig: Christus het hom op die pad na Damaskus voor-gekeer, hom van sy dwaalweg afgekeer, en Hom as Paulus se nuwe Meester openbaar.

Dié voorval is ewig bekend as die *Damaskus-oomblik*.



Caravaggio (1571-1610) - Bekering op die Pad na Damaskus 1600

Het jy al so 'n ervaring beleef? 'n Oomblik toe die waarheid jou soos 'n bliksemslag getref het? Van toe af was Paulus iemand anders – die koers van sy lewe vir ewig verander.

BELEWENISS

Nou leef Paulus uitsluitlik vir Christus en sy Evangelie. Niks anders maak meer vir hom saak nie – hy wat voorheen elkeen wat Christus se naam bely, gedreig en gestraf het.

Sonde – Waarom is dit so GROOT?

Wanneer ons na die gevolge van die sonde oor die wêreld heen kyk, sien ons hoe vernietigend dit is:

- Die armoede van 'n dronk ma wat haar kinders nie kos kan gee nie.
- Die siektes wat seksuele wangedrag veroorsaak.
- Die aaklige gewetenswroeging wat op elke bose daad volg.

Kyk na die ellende oral, en sien dat sonde nie sommer net 'n kleinigheid is nie.

As jy steeds wonder of sonde GROOT is, onthou bietjie: Dit moet GROOT wees, want dit verg GROOT genade om dit te vergewe! Sonde is nie iets kleins nie – dis verantwoordelik vir AL die smart en ellende op die aarde.



#1 Dawid sien Batseba...



Een middag laat staan Dawid op uit sy bed en gaan stap op sy paleis se dak rond. Van hier bo af sien hy 'n vrou wat bad. Die vrou is besonder mooi en hy stuur iemand om uit te vind wie sy is. Die man sê: "Sy is Batseba, die dogter van Eliam en die vrou van Urija die Hetiet."

Dawid stuur toe boodskappers om haar te laat haal. Sy het na hom toe gekom en hy het gemeenskap met haar gehad. (Sy was juis besig om haarself te reinig van haar maandelikse onreinheid.)

Toe gaan sy terug huis toe. Sy raak swanger en stuur 'n boodskap aan Dawid: "Ek is verwagting." **2 Samuel 11: 2-6**

en sy is mooi.

Daar is dure lesse te leer uit die verhaal van Dawid en Batseba.

Eerste, geen sonde bly vir altyd geheim nie – wat in die geheim gedoen word, sal uiteindelik aan die man kom.

Tweede, God se genade is tot die beskikking van elkeen wat opreg berou het.

Derde, selfs wanneer vergifnis vergun is, duur die nagevolge dikwels voort.

Vierde, God kan iets moois uit gebrokenheid voortbring. Ten spyte van die pyn word Dawid en Batseba se volgende seun, Salomo, die troonopvolger – bewys dat God se soewereine plan voortgaan, selfs in moeilike omstandighede.

Dié tydlose waarhede uit die Ou Testament spreek vandag nog sterk tot elke Christen. Dit herinner ons aan die erns van die sonde, die diepte van God se genade en die hoop wat sy verlossingsdoel vir ons inhou.

- **Die nagevolge vir Dawid was deel van God se goddelike oordeel en openbaar die vernietigende aard van sonde. Tog, te midde van die dissipline, openbaar God ook die roete van bekering, vergifnis en herstel. Dawid se reis dien as 'n kragtige voorbeeld vir elke hedendaagse gelowige. Dit herinner ons dat, hoewel die sonde swaar is, genade die deurslag gee.**

#1 Dawid en Batseba



Ek het meer as vyftig jaar lank geworstel met die verhaal van Dawid en Batseba. Hoe kan Dawid as 'n goeie mens voorgelou word nadat hy en Batseba owerspel gepleeg het en hy die moord op haar man, Urija die Hetiet, gereël het? Ek het na baie preke oor dié kwessie geluister, maar kon nie vrede maak daarmee nie.

Dis eers onlangs, toe ek navorsing vir dié boek gedoen het, dat ek besef het hoe wonderbaarlik God se vergewensgesindheid is.

Dawid word *'n man na God se hart* genoem, nie omdat hy foutloos was nie, maar omdat hy hom altyd weer na God gekeer het, selfs na sy gruwelikste mislukkings. Dit is die paradoks van genade – dit versinnebeeld sowel God se heiligheid as sy barmhartigheid.

“’n Man na God se hart”

- 1 Mens kan vra: Wat het die storie van Dawid en Batseba met vergifnis uit te waai?
- 2 Dink oor die volgende tekste! Het Dawid God se opdragte nagekom, soos God Salomo gesê het? **NEE!**
- 3 Toe God in 1 Konings 3:14 met Salomo gepraat het, het Hy Dawid genoem; kom ons kyk dus na die Skrif. "As jy my paaie volg soos jou vader Dawid, deur my vaste voorskrifte en gebooie na te kom, sal ek aan jou 'n lang lewe gee." Dan 1 Konings 9:4-5: "En jy, as jy voor My leef soos jou vader Dawid geleef het, met 'n eerlike hart en in opregtheid, deur op te tree volgens alles wat Ek jou beveel, en my vaste voorskrifte en beslissings nakom, sal Ek jou koninklike troon oor Israel vir altyd laat standhou."
- 4 Nee – Dawid het God se voorskrifte en opdragte nie nagekom toe hy owerspel met Batseba gepleeg het en haar man, Urija, laat doodmaak het nie.
- 5 **Die kernboodskap:** Weens my eie, menslike neiging om te veroordeel, het dit my lank gevat om dié waarheid te snap: in God se oë het Dawid daardie dade glad nie gepleeg nie – want hy is vergewe. God het hulle uitgegee en volkome van hulle vergeet.

#God het jou vergewe...

Die vyand probeer ons blind hou vir God se vergewende aard.

Dit is sy strategie – om beskuldigings teen gelowiges te gebruik om ons aandag af te lei van die waarheid van God se genade.

Ja, ek het mense skerp woorde hoor spreek oor Dawid en Batseba, omdat hulle duidelik sukkel om te begryp hoe Dawid vergewe kon word, soos die Skrif verklaar. God het Dawid dan self *deugsam* genoem.

Daar is mense wat selfs erger sondes gepleeg het, en nogtans deur God vergewe is. **Vir ons as mense is dit 'n moeilike saak om te begryp – maar dit openbaar die omvang van God se genade.**

GOD HET JOU VERGEWE!

Net soos Hy koning Dawid vergewe het



Die profeet Natan spreek Dawid aan oor sy owerspel met Batseba

Dit hou 'n les vir elkeen van ons in: Moet nooit dat die vyand jou in die strik van skuldig voel oor die verlede vang nie.

As jy jou sondes voor God bely het – soos Dawid opreg berou gehad het oor die moord op Urija en sy owerspel met Batseba – het God jou klaar vergewe. Nog wonderliker, Hy het besluit om daarvan te vergeet. Agter Dawid se belydenis skuil 'n kragtige les: Toe die profeet Natan hom hieroor aanspreek, het Dawid homself nie probeer verdedig of verskoon nie. Hy het summier toegegee: “Ek het gesondig teen die HERE.” (2 Samuel 12:13)

- **Weens daardie opregte en gebroke hart – so klinkklaar beskryf in Psalm 51 – het God hom vergewe en sy lewe gespaar, hoewel die Mosaïese wet die doodstraf vir sowel owerspel as moord voorgeskryf het.**

#14 JA!

Vergiffenis,

Die nagevolge van Dawid se owerspel met Batseba

Ja, ons het bevestig Dawid is onvoorwaardelik vergewe. Die owerspel met Batseba het gelei tot die dood van hulle baba-seuntjie, voortdurende geweld in sy huishouding ontketen en sy familie in die openbaar verneder, terwyl Absalom se opstand teen sy pa blywende emosionele en politieke onrus tot gevolg gehad het.

- **Dié tragiese gevolge is in 2 Samuel 13–19 opgeteken. Dit herinner ons dat, hoewel God se vergifnis volledig is, sonde dikwels diep letsels nalaat.**

Absalom se Opstand: 'n Jammerlike gevolg van Dawid se sonde

Absalom, koning David se derde seun, het 'n diep wrok teenoor sy pa gekoester, gewortel in sy persoonlike griewe. Dit was veral weens die verkragting van sy suster, Tamar, deur hulle halfbroer, Amnon, Dawid se eersgeborene. Toe Dawid versuim het om daadkragtig teen Amnon op te tree, het Absalom se woede vererger. Twee jaar later wreek hy Tamar deur Amnon gedurende 'n fees dood te maak. Hierna vlug hy na Gesur, waar hy drie jaar lank as banneling leef.

Ernstige nagevolge ook!

**Hoewel God sonde vergewe en verkies om ongereg-
tigheid te vergeet, bly die nagevolge dikwels staan.**

Dawid se sonde met Batseba het diep smart in sy lewe meegebring: verraad deur sy eie seun, Simei se harde beledigings, en Absalom se fisieke misbruik en doodsdreigemente. Dié pynlike ervarings herinner ons dat vergifnis skuld wel verlig, maar nie altyd die aardse nagevolge van sonde uitskakel nie.

- **Maar die blye tyding is dat Dawid elkeen van hierdie nage-
volge deur God se genade en die ondersteuning van sy beloftes
te bowe kon kom. Hierop reageer hy deur die Psalms te skryf,
verse vervul met die grootste hoop in die Skrif.**



Wat het met Absalom gebeur?

Absalom, seun van koning Dawid, het probeer om sy vader tot 'n val te bring, wat 'n burgeroorlog tot gevolg gehad het. Hy is ten slotte deur Joab verslaan en doodgemaak, tydens die Slag van die Woud van Efraim. Absalom se lang hare is in 'n eikeboom vasgevang en dit het tot sy dood gelei.

- **Sy opstand en dood lig die temas van hovaardigheid, ambisie en familiestryd uit.**

***Absalom se lang hare is in
'n eikeboom vasgevang***

#15 Dawid se sonde: Die Slotsom

*“My seun Absalom, my seun,
my seun Absalom! As ek maar
in jou plek kon sterf!
Absalom, my seun, my seun!”*

2 Samuel 18:33



Absalom se Opstand: Die Les

Absalom se opstand dien as 'n waarskuwing teen die gevare van ongebreidelde ambisie en die verwaarloosing van die reg en aanspreeklikheid binne families, gemeenskappe en kerke. Dit werp lig op die kompleksiteit van leierskap en toon hoe smeulende griewe vernietigende nagevolge kan hê. Dié verhaal weerspieël steeds ons menslike aard en leer ons van die voortdurende uitdagings van regering en die behoefte aan integriteit in elke sfeer van die lewe.

Die nagevolge van Dawid se Sonde

Absalom se opstand eindig in 'n hartverskeurende botsing tussen vader en seun, wat die temas van familietwis, verterende ambisie en die blywende gevolg van onverwerkte sondeskuld belig. Dawid se wroeging – verskeur tussen sy rol as koning en sy vaderliefde – vorm die kern van hierdie verhaal. Ten slotte het Absalom se ambisie en die verbroekeling van verhoudings in Dawid se huishouding 'n tragiese en gewelddadige uiteinde, met Absalom wat op die slagveld sterf.

- **Dié verhaal weerklink vandag nog. Al is sonde vergewe, bly die nagevolge deur gesinne, families, gemeenskappe en geslagte voortduur.**

To err is human
To forgive divine.

Alexander Pope

'n Vriend het my herinner aan dié beroemde aanhaling. Om te dwaal, is menslik, om te vergeef, goddelik.

Dis nou nie 'n Bybelvers nie, maar dit het my laat dink! Kan ek sonder die krag van die Heilige Gees vergewe?

Die aanhaling kom uit 'n gedig van 1711, *An Essay on Criticism*, deur Alexander Pope, 'n Engelse digter, vertaler (van Homeros) en bytende satiris. Die gedagte sluit egter aan by Bybelse temas, soos menslike feilbaarheid en God se opdrag dat mense mekaar moet vergewe as 'n weerpieëling van sy eie Goddelike Aard.



Alexander Pope (1688-1744)
Portret deur Thomas Hudson, c 1739

2


*Wag ek vir iemand
wat my te na gekom het
om verskoning te vra
voor ek hom
vergewe?*

#16 *Die* EGO

Vanuit 'n Christelike perspektief hou ek van Wayne Dyer se akro-niem vir EGO. Ego, sê hy, staan vir **E**ase **G**od **O**ut. Skuif God weg.

Dis presies wat gebeur wanneer die "ek" oorneem en geen ruimte vir die Heilige Gees laat nie.

Iewers in ons lewe moet ons die punt bereik waar ons moet vergewe! Of is mens soos die ou tannie wat op haar sterfbed lê, en na tagtig jaar nog nie in staat is om iemand iets te vergewe wat in haar kinderdae gebeur het nie?



Wayne Dyer

Wees GAAF pleks van REG
Daar is 'n ou Chinese gesegde: "As jy
wraak soek, grawe twee grafte."
Wat vir my sê: Jou gebrek aan
vergewensgesindheid sal jou
vernietig.

Ek is reg, die res is almal **verkeerd**

Jy moet verstaan dat vergifnis vir JOU is, nie vir die oortreder nie.
Om jou griewe te koester, is duur. Erken en handhaaf jou perke.

Myns insiens beteken vergifnis nie ek is 'goed'nie. Dit beteken ek het dit laat gaan. Dit vergal nie meer my lewe nie. Dit demp nie meer my lewensblyheid nie. Is dit maklik? Nee – dis 'n **proses**.

Vergifnis is *jou* vryheid, nie *hulle* s'n nie. Griewe weeg swaar – laat hulle vaar.

Stel perke. Handhaaf hulle.

Om te vergewe, beteken nie *ek is goed nie* – dit beteken *ek het dit laat vaar*. Dit neem nie meer ruimte in my gemoed in nie, dit steel nie meer my blydschap nie.

Is dit maklik? Nee.

Maar dit die moeite werd!

Nog een van Wayne Dyer se gesegdes: *Moenie in die verlede leef nie – wees **teenwoordig***.

Wanneer ons dit moeilik vind om te vergewe, is dit dikwels omdat ons nie in die hede leef nie. Ons ag die verlede as belangriker.

Ons wy baie van ons energie en aandag daaraan om te treur oor die goeie ou dae wat vir ewig weg is en glo dis waarom ons vandag nie so gelukkig en vervuld kan wees nie.

“Alles is anders,” sê ons.

“Niemand gee meer vir iemand om soos in die verlede nie,” sê ons.

Dit lê die blaam op die verlede en vermy die kwessie van waarom ons vandag nie gelukkig kan wees nie.

#1 *Dit vereis voorbereiding...*



Besluit *op die daad* om dit te doen.

Neem die besluit *NOU*.

Doen dit.

Maak jou hart *vandag* reg.

Moenie versuim nie!

Kies om *nou* te gehoorsaam.

Moenie talm nie!

om iemand te vergewe



Vergifnis is 'n proses – en daar moet afsluiting wees.

Dit:

- verg nie 'n persoonlike besoek nie;
- beteken nie julle sal môre vriende wees nie;
- bly saak maak, selfs na die persoon se dood.

Wat is *jou* proses?

Gaan iewers waar dit stil is. Skik dit met die Here.

Maak jou hart oop vir Hom.

#18 *Vergifnis:*

Dink bietjie na oor die proses van Vergifnis:

- ✓ Noem die mens (of mense) wat jy wil vergewe.
- ✓ Wie het jou die seerste gemaak?
- ✓ Wat het hy of sy nou eintlik gedoen?
- ✓ Hoe het dit jou emosioneel en geestelik geraak?

Onthou: Jy vergewe die onreg – jy verskoon nie die persoon nie. Jy gee die onreg oor aan God, en laat Hom die wond genees

“Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie vergewe nie.”

Matteus 6:15

**Verstaan jy werklik wat dit beteken?
Besef jy wat op die spel is?**

Die Proses

Begin by die een wat jou die seerste gemaak het.

✓ Wat het hy of sy gedoen?

✓ Hoe voel jy daaroor?

**Onthou: Jy vergewe die oortreding,
jy verskoon nie die persoon nie.**

Ek het altyd gedink ek moet die persoon vergewe, maar dis nie wat die Skrif sê nie. Die oproep is om die onreg te laat gaan – voor God.

Onthou – op 'n vorige bladsy het Corrie nie die mens vergewe nie, sy het die onreg wat hy begaan het aan die Here oorhandig.



#1 *Dis 'n proses...*

Begin deur jou hart bereid te maak om te vergewe. Neem dan die oortreder se plek met meegevoel in. Dit sal jou help om vanaand rustig te slaap, sonder nagmerries van haat en aaklighede.

Vergifnis sluit almal wat jou te na gekom het in, ook:

Jou metgesel, jou ouers, jou baas, jou kerk; ja, selfs die leraar! Of jou buurman, jou tannie, jou broer, jou suster. Of die sakeman wat jou verneuk het!



om te vergewe

Bevry daardie persoon uit die tronk van jou hart!

Met ander woorde, jy
staan voor jou eie hart,
en jy het die sleutel, en
hier in daardie hart
van jou is die persoon
wat jy moet vergewe.

Die een wat jou seergemaak het!

Daardie persoon bly
vir jou onvergewe. Jy
dink elke dag aan hom
of haar, en die grief
hou jou gevange.



*Al die wrenel het jy opgekrop,
en jy is nog nie daar waar jy
kan vergewe nie.*

*Kom tog met die sleutel in
jou hand en maak daardie
hek oop vir daardie persoon,
daardie persone, en bevry
hulle uit die tronk van
jou hart.*

#2 Wraak is nie goed vir ons nie!

Is **WRAAK** sonde?

Vriend, dis nie die moeite werd nie!

Esau was vyandig teenoor Jakob oor die seën waarmee sy vader hom geseën het. Esau het in sy hart gesê: "Die dae van rou oor my pa kom nader, dan gaan ek my broer Jakob doodmaak."

Genesis 27:41



Dit stuit genesing en vergifnis.

“Dit is inderdaad vir God reg om diegene wat julle verdruk, met verdrukking te vergeld.”

2 Thessalonisense 1:6

Wanneer Paulus sê, “Hy sal diegene wat julle verdruk, met verdrukking vergeld,” wys hy daarop dat geregtigheid God se saak is. Hy is die Een wat sal klaarspeel met diegene wat sy mense te na kom. God sal alles regstel, in sy volmaakte tyd.

Wraak? Nee wat, dis iets waaroor jy nie snags wakker hoef te lê nie!

Soos 'n beroemde prediker gesê het: “Verwys die saak na God!”


Wat sê die Here dan oor wraak? Eerstens verbied die Bybel ons mense uitdruklik om wraak te neem. 'n Sleutelvers van Paulus (Romeine 12:19) lui: “Geliefdes, moet julle nie wreek nie, maar laat ruimte vir die oordeel. Daar staan immers geskryf: ‘Aan My kom die wraak toe; Ek sal vergeld,’ sê die Here.”

#21 Die sonde is dus nie iets kleins nie

As jy werklik wil besef hoe groot die sonde is, onthou die koste – dis so duur dat Christus dit self moet vergewe.

Wanneer ons onthou wat dit Christus gekos het om ons Saligmaker te wees, volg ons Hom na Pilatus se saal, waar ons die wrede sambok op sy geliefde skouers hoor val.

Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing. Jesaja 53:5



*Ek gaan dus voort met
die Groot Genade*



**Die Geseling van ons Here Jesus Christus
William-Adolphe Bouguereau (1825-1905)**

Sonde is 'n dodelike siekte wat die sterkste medisyne verg. En as sonde so erg is, is 'n ewe groot opoffering nodig om dit te vergewe.

As jy twyfel of sonde so **groot** is, onthou
dit moet **groot** wees, omdat dit sulke
groot genade verg om dit te vergewe.

#22 Jesus was 'n meesterlike...

Jy onthou seker die gelykenis wat Jesus vertel het van die verlore seun en sy vader se vreugde toe hy weer tuis kom.

Bartolomé Esteban Murillo: *Die Terugkeer van die Verlore Seun* (detail)



Lees dit in Lukas 15, vanaf vers 20. Jesus sê hiermee: die deur staan wyd oop vir sondaars om terug te kom.

- Ongeag hoe ver 'n persoon geval het – hoe leeg, hoe afvallig, hoe gebroke, hoe sondig, hoe onsinnig sy of haar lewe mag wees – die deur na verlossing, vergifnis en 'n nuwe begin staan steeds oop.

verteller van *Vergifnisverhale*

Hier is 'n kort samevatting van die sleutel-aspekte van dié gelykenis van vergifnis...

Die jonger seun se vertrek: Hy vra sy pa vir sy deel van die erflating, vertrek na 'n verre land toe en vermors sy geld deur roekeloos te lewe.

Die jonger seun se val: Toe sy geld op is, is daar hongersnood. Met niks oor nie, werk hy vernederend as 'n varkoppasser.

Die terugkeer huis toe: Hy besef selfs sy pa se bediendes leef beter as hy. Hy besluit om terug te keer en vir vergifnis te smee.

Die vader se verwelkoming: Sy pa sien hom van ver af aankom en hardloop uit om hom te omhels. Hy reël 'n fees en gee hom 'n pragtige kleet en 'n ring.

Die ouer broer se reaksie: Die getroue oudste seun is woedend en jaloers omdat sy eiesinnige broer so goed behandel word.

Die vader se verduideliking: Hy sê vir die oudste seun dis reg om fees te vier, want "jou broer was dood, en hy het lewendig geword. Hy was verlore, en is weer gevind."

#23 Maar wat van die verlore seun se...

Die eintlike punt van dié gelykenis is die vader se gesindheid jeens sy seun. Simbolies is die vader God.

Ons ken die seun se storie reeds – hy het jammerlik misluk, was verlore en in wanhoop en ellende.


Maar wat van sy vader? Dis die werklike boodskap!

Jesus wys ons hoe ons hemelse Vader se hart teenoor jou en my voel. Hy wag geduldig, waak jaar na jaar, gooi nooit tou op nie. En wat sê God? *Ek sal jou nie versaak nie.* Hy smag na jou terugkoms, sodat Hy jou kan omhels en vergewe.

Hy wil sy kind terughê. God wag vir jou om huis toe te kom, sodat Hy jou met sy vergifnis kan verwelkom.



vader?




Sal jy na die Vader se huis terugkeer terwyl die deur van genade nog vir jou oopstaan? By 'n blye vergadering aansluit?



Of sal daar net smart wees?

**In ieder geval...
die keuse is joune!**

#24 *Wat is vergifnis?*



Twee van DL Moody se aanhalings:

"Diegene wat sê hulle vergewe, maar kan nie vergeet nie, begrawe die strydbyl met die hef wat uitsteek vir onmiddellike gebruik."

"Ek het gesien dat, wanneer iemand vervul is van die Heilige Gees, hy allermens oor ander mense kla."

Om mekaar te vergewe, beteken om af te sien van jou wrewel, asook van enige aanspraak op vergoeding vir die skade of verlies wat jy gely het.


1 Korinthiërs 13:4-7 gee 'n goeie grondslag hiervoor:

Liefde bly geduldig, liefde gee om, liefde is nie jaloers nie, spog nie, en is nie verwaand nie. Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie eiebelang na nie, is nie liggeraak nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie, is nie bly oor onreg nie, maar is saam bly oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verduur alles.

Hier is 'n definisie.

In sy wese is vergifnis
die kwytskelding van 'n
oortreder.

Die Griekse woord in die
Bybel wat ons as vergif-
nis vertaal, beteken let-
terlik *om te bevry*, in
die sin van die kwyts-
skelding van skuld.



Jesus het dié metafoor gebruik in sy gelykenis
van die onbarmhartige slaaf (Matteus 18:23-
35), asook toe Hy sy volgelinge leer bid het:

**“... en vergeef ons ons sondes; want ook ons
vergeef elkeen wat teenoor ons skuldig
staan.”** (Lukas 11:4)

“ To err is human,
to forgive divine. ”

Alexander Pope

#25 Vergifnis is 'n kwessie van...

Wanneer Jesus jou lewe binnekom en jou jou sondes vergewe, is dit die oomblik wanneer jy 'n nuwe aard ontvang: jy word geestelik herbore. Dalk het jy op daardie oomblik nie ten volle begryp wat gebeur het nie; jy was dalk besig om jou lewe op jou manier te probeer regruk.

Jy kry dit nou soos 'n geskenk.

Jou nuwe lewe is 'n geskenk van God.

As jy probeer om deur God aanvaar te word deur goeie werke te doen, sal jy onder die swaar las van sy afkeer leef. Ongeag hoe diep jy grawe of hoe ver jy rek, jy sal altyd moet vra: Hoeveel meer moet ek nog doen? Hoeveel verder moet ek nog gaan?

Die waarheid is – daar is geen antwoord op daardie vraag nie. Hoekom nie?

- Want wat God bied, is nie iets wat jy kan verdien nie. Dis 'n gawe, die gawe van die ewige lewe, wat jy ontvang deur die vergifnis van jou sondes.

Lewe en Dood


*“Wees goedgesind teenoor mekaar,
met innige meelewing, terwyl julle
mekaar vergewe, soos God in
Christus julle ook vergewe het.”*

Efesiërs 4:32

**Dis moontlik om aan iemand te sê jy
vergewe hom, terwyl jy steeds 'n
wrok koester.**

Mens mag sê dis alles in die haak, maar diep
in jou sweer die gees van onvergewensgesind-
heid. Dit bly so tot mens die persoon sy oor-
treding opreg kwytskeld.

- Vir dié van ons wat glo, is daar 'n manier
om met vryheid voort te gaan. Op die
volgende bladsy gee ek vyf wenke om jou
langs daardie weg te lei.



#20 Vergifnis hou ook verband met...

- 1 **Aanvaar verantwoordelikheid vir jou onvergengesinde gees** en kies om jou gesindheid te verander. (Dis nie maklik nie!) Genesing begin met berou.
- 2 **Skryf die skuld af** wat jy glo jou toekom. Hou op om daaraan vas te klou.
- 3 **Eien die swakheid wat die ander persoon se oortreding in jou blootlê** – jou wrewel en die drang na weerwraak
- 4 **Onthou God se vergifnis.** Dit kwets Hom wanneer ons hardnekkig weier om te vergewe, want die emosionele skuld vang ons vas. Dit versteën ons in wantroue, wrewel en onsekerheid, en rig mure op wat familie en vriende uitsluit.
- 5 **Aanvaar God se doelwit van vryheid.** Sy begeerte is om ons te bevry van verbittering, om toe te sien dat ons ons versoen met diegene wat ons te na gekom het en om tere liefde en aanvaarding te betoon. Hoewel dit ons sin vir morele meerderwaardigheid uitdaag, is dit 'n kragtige Christelike doelwit.

*my onvergewensgesinde
hart*



**Vergifnis is om die deur
oop te sluit om iemand vry
te laat en dan te ontdek
jy
was toe self die gevangene.**

God vra ons om te vergewe, en hoewel dit dikwels moeilik is, word dit moontlik omdat Christus in ons lewe.

Om in Christus te lewe, beteken nie ons gesindhede verander in 'n kits nie. Dit is 'n reis van groei, geleidelike verandering en daaglikse steun op sy genade.

- Vergifnis verg nederigheid, vertroue en geduld – en soms, wanneer ons iemand anders bevry, ontdek ons dit was toe al die tyd ons self wat in die tronk gesit het.

#27 *Beron deur die oortreder is gaaf,*

Wat ons in die voorafgaande bladsye sê, kom in sy wese daarop neer dat vergifnis 'n kernbeginsel van die Christelike praktyk is. Dit fokus op die afskud van laste, wat persoonlike groei meebring en God se vergifnis versinnebeeld. Dit hou dikwels verband met die Onse Vader en Jesus, wat ons leer om woede te laat vaar ter wille van innerlike vrede. Ons moet ook onthou dat vergifnis nie die daad vergewe nie; dis om mens self, naamlik die een wat vergewe, te verlos.

Vertolking: In die Onse Vader moet “skulde” gesien word as elke vorm van onreg, nie net finansiële verpligtings nie.

Dis nie Verskoning of Goedpraat nie: Vergifnis vergoelik die oortreding nie; dit verlos die vergewer van verbittering, wat die weg na vrede en vreugde open.

Krag, nie Swakheid nie: Om te kies om te vergewe is 'n daad van moed en diepe geestelike verandering, nie 'n teken van swakheid nie.

Hoe: Vergifnis is 'n reis. Dis om die oortreder eerlik in die oë te kyk en om verskoning te verwelkom, maar nie te vereis nie. Dis om vergifnis ten slotte te verleen, ongeag die oortreder se reaksie.

*maar nie noodsaaklik
vir jou wat vergewe nie.*

Dis so maklik, selfs grootmense kan dit doen!

“En vergeef ons ons
skulde, soos ook ons
hulle vergeef wat
teenoor ons skuldig
staan.”

Matteus 6:12



Onthou:

Vergifnis is nie versoening

nie: Mens kan iemand vergewe ter wille van jou eie pyn, sonder om hom noodwendig weer in jou lewe toe te laat, of sy gedrag te verskoon. Daar kan steeds perke wees om jou teen toekomstige skade te beskerm.

Dis waar baie mense vasbrand: Hulle glo dat, as hulle iemand opreg vergewe het, hulle hulle met die persoon moet versoen en die verhouding herstel na wat dit was. Dis nie waar nie. Mens kan iemand vergewe sonder om hom te vertrou of 'n hegte verhouding met hom te hê.

Dink só daaraan:

Vergifnis gaan oor jou genesing, nie oor of die ander persoon dit waardig is nie. Dis 'n geskenk wat jy jouself gee om jou van die las van woede en wrewel te verlos.

- **Versoening gaan oor die toekoms van die verhouding, wat weer van die optrede en gesindheid van albei die betrokkenes afhang.**

#2 Wag jy vir 'n verskoning...



Nee, jy hoef nie te wag vir 'n verskoning voor jy vergewe nie!

Vergifnis is eerstens 'n persoonlike keuse ter wille van jou vryheid, nie die ander persoon se optrede nie. Hoewel om om verskoning gevra te word, vir somiges deel van genesing kan wees, is dit nie 'n voorvereiste vir innerlike vrede of om jou van 'n grief te verlos nie.

- **Om vir 'n verskoning te wag, kan jou vasknel in verbittering. As jy kies om eerder te vergewe, bevry jy jou van die pyn van die verlede, selfs al erken die oortreder sy fout nooit nie!**

voor jy vergewe?

Vergifnis sonder 'n verskoning



Dit mag nou vreemd klink, maar ek wil tog voorstel dat vergifnis 'n wilsbesluit is om van woede en wrewel af te sien, ter wille van jou eie vrede en gene-sing, en so te keer dat jy 'n ewige slagoffer bly.

Om vir 'n verskoning te wag, beteken die persoon wat jou te na gekom het, het die mag om jou te verlos.

**As jy daardie persoon vergewe,
verbreek jy sy houvas op jou.**

#29 *Nou hoe bewerkstellig ons dan...*

Ons hoef nie te wag nie!

Die skuldige persoon verander dalk nooit. Hy vra dalk nooit om verskoning nie, want hy is dalk dood, weg, onbewus van sy fout of onwillig om dit te erken, en jy wag vergeefs.

Onthou: as 'n gelowige, is dit *jou* plig om iets te doen, want ons weet ons kan God se vergifnis nie verwag as ons ander mense nie kan vergewe nie.

Ek herinner jou: Dis 'n Bybelse beginsel!

Nou wat moet ek dan doen?

#1: **Erken jou pyn:** Erken die pyn, maar moenie toelaat dat dit jou toekoms bepaal nie.

#2: **Sien af van jou verwagting:** Moenie wens hulle moet berou toon of dat reg sal geskied nie.

vergifnis?

Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.

Matteus 6:14-15

Fokus op jou vryheid: Beskou vergifnis as 'n geskenk wat jy jouself gee.

So kan jy aanbeweeg.

**Dis 'n allerbelangrike stap!
Deur mekaar te vergewe, toon ons dat
ons begryp hoe lief God ons het.
As ons vergewe wil word,
moet ons ook vergewe!**



3

490

Sewentig maal

Sewe

#30 Petrus het gevra hoeveel keer...



“Toe het Petrus nader gekom en Hom gevra:
"Here, hoeveel keer sal my broer teen my sondig
en ek hom vergewe? Tot sewe keer toe?"


Matteus 18:21

Moet ek dit sewe keer doen? Hoekom het Petrus Jesus dit gevra?

Eenvoudig omdat die Fariseërs 'n wet gehad het wat bepaal dat jy jou broer drie keer kan vergewe. Na die vierde keer was dit egter neusie verby. Nou moet hulle die drie verdubbel en nog een bytel!

Ek sal jou sewe keer vergewe. Is dit voldoende?

moet ek vergewe?



Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie tot sewe keer nie, maar tot sewentig maal sewe keer."

Matteus 18:22

Petrus het die Joodse gebruik om iemand drie maal vir 'n oortreding te vergewe meer as verdubbel. (Amos 2:6)

Jesus se opdrag aan Petrus om nie net sewe keer te vergewe nie, maar tot sewe-en-sewentig keer, skep 'n beeld van die onbeperkte vergifnis van God se eindelose genade aan die mens.

- Die les is dat gelowiges opgeroep word om mekaar te vergewe uit dankbaarheid vir die vergifnis wat hulle by God ontvang, eerder as om telling te hou van oortredings.

#370 x 7 Wat is dit?

70 X 7 – presies wat beteken dit?

Onthou, elke Hebreeuse woord het 'n numeriese waarde. 490, 70 x 7, is die numeriese waarde van die woord TAMIYM. TAMIYM beteken *volledig* of *volmaak*.

Wat het die Here dus gesê? Die antwoord, *Nie 7 maal nie, maar 70 maal 7*, verwys na Jesus se opdrag aan Petrus in Matteus 18:21-22 om mekaar nie net sewe keer nie, maar sewentig maal sewe keer te vergewe. Dié syfer simboliseer 'n onbeperkte, deurlopende handeling van vergifnis, eerder as 'n letterlike getal

Dié lering beklemtoon dat ons vergifnis so ruimskoots en onvoorwaardelik moet wees soos God se eie vergifnis van die mensdom.

Met ander woorde, 'n ewebeeld van God se genade.

- Jesus het met hierdie les beoog om te wys dat, net soos God die mens sonder perk vergewe, gelowiges dieselfde perkelose vergifnis aan mekaar moet gun.



**Maar 490 keer...
Is dit te veel?
Is dit wat Jesus bedoel?**



490 is dus die numeriese waarde van TAMIYM.

TAMIYM, het ons gesien, beteken *volledig* of *volmaak*.

- **Die Here sê dus aan Petrus hy sal nooit volmaak wees voor hy vergewe nie.**

Ons moet almal egter pasop om te dink net ons is reg, om te dink dat jy al een is wat reg is en die ander mense almal verkeerd is.



#32 Molodati = Christusgeboorte

Ingewikkelde verbande

Weer eens: Elke Hebreeuse woord het 'n numeriese waarde. 490 is die numeriese waarde van die woord *molodati*, wat beteken *om gebore te word*.

Maar dis ook die numeriese waarde van die woord *Betlehem* (Beit-Lechem), die plek waar Jesus gebore is. (Miga 5:2)

Miga het ons vooruit vertel waar Jesus gebore sou word – in 'n profesie wat hy ongeveer 800 jaar voor Christus se geboorte geskryf het.

- En asof dit nie genoeg is nie – vergifnis word ook gekoppel aan die woord *brood*. En Betlehem beteken die *broodhuis*!



Ons daaglikse brood...



En dan is daar Matteus 6:11-12:

*“Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergeef ons ons skulde,
soos ook ons hulle vergeef
wat teenoor ons skuldig staan.”*

Só, leer Christus ons, moet ons bid. Jesus koppel die brood van Betlehem aan die genade van God se vergifnis.

Gee ons vandag ons daaglikse brood verwys na veel meer as voedsel – dis ’n hulpkreet om die krag te ontvang wat ons in staat sal stel om ons broer en suster te vergewe.

- **In God se koninkryk is brood en vergifnis een en dieselfde ding.**

#Nog'n 490...

Dis een van die profesieë wat baie mense òf verontagsaam òf verkeerd verstaan – tog is dit presies wat die boek Openbaring onthul.

Ons lees in Daniël 9:24: “Sewentig weke is bepaal oor jou volk en jou heilige stad: om die daad van opstand tot ’n einde te bring, om sondes die volle maat te laat bereik, om sondeskuld te versoen, en ewige geregtigheid te bring, om visioen en profeet te bekragtig, en om wat besonder heilig is, te salf.”

Dié profesie is een van die merkwaardigste en fundamenteelste in die ganse Bybel. Waarom is dit belangrik? Kyk na die datums – dit neem jou na die jaar 31 nC!

Die Kruisiging!


Ter wille van vergifnis is dit presies wat gebeur het. Niks anders nie! Jou en my vergifnis. Bloed het gevloei vir jou en my sondes. Sy bloed.

In 457 vC, die sewende jaar van sy bewind, het koning Artasasta ’n dekreet uitgevaardig wat Esra toestemming gee om terug te keer na Jerusalem en die stad klaar te bou.
(Esra 7:6-10; 9:9)



Koning Artasasta

in die Bybel



Uiteensetting van Daniël se Profesieë

Daniël se 70 weke moes begin "vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel". Die beginpunt van 457 vC is onbetwisbaar.

Die Opdrag: Die profesie in Daniël 9:25 sê die tydperk begin "vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel".

Gabriël se Openbaring: Die engel Gabriël het aan Daniël verskyn met die visioen van die 70 weke, 'n tydperk van 490 jaar, wat vervul moes word.

Die Begindatum: Die aanvangspunt wat meestal vir die profesie aanvaar word, is die jaar 457 vC, toe koning Artasasta sy dekreet aan Esra toegestaan het. Dit het die Jode vegunning gegee om Jerusalem te gaan herbou.

#34 *Stefanus* *het gesê:*

Onthou jy die 490 jaar waarvan ons gepraat het? (#6B)

Daardie profesie strek nie net tot Christus se dood nie, maar eindig eers drie en 'n half jaar later, toe Israel Stefanus gestenig het.

Dis die oomblik wat die einde van God se verbond met Israel inlui.


God het Israel een laaste kans gegee om tot inkeer te kom. Hy het sy Heilige Gees uitgestuur – nie aan al die nasies nie, maar aan Israel alleen (vgl. Handeling 10:47-11:3, 18-19). In daardie tyd is die evangelie uitsluitlik aan die Jode gepreek.

- **Stefanus se steniging was meer as 'n tragedie – dit was 'n keerpunt. Israel het die Gees verwerp, en die 490-jarige profesie het geëindig.**

*Here, reken hulle
hierdie sonde nie toe nie!*

Die heilige
Stefanus
word gestenig.

*Martelaarskap
van die Heilige
Stefanus*
Gravering deur
Gustave Doré,
1866



Terwyl die klippe hom tref, kniel Stefanus en bid:
"Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie."
(Handelinge 7:60) Toe het hy ontslaap.

Dit weerspieël Jesus aan die Kruis – genade te midde van wreedheid. Met sy laaste asem vra Stefanus vergifnis vir sy moordenaars. Sy gebed openbaar 'n diepe geloof, meegevoel en die krag van genade in die spervuur.

#35 Is dit regtig nodig vir die Christen om te...


Om mekaar te vergewe, is om die Woord te gehoorsaam.

Boonop is dit een van die seënings van vergifnis dat ons nie verbitterd raak nie. Verbittering is 'n ongesonde toestand; dit maak jou seerder as die persoon met wie jy vassit.

Vergifnis lê aan die hart van die Evangelie.

Kolossense 3:13 lui: "Verdra mekaar en, as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe."

- Ons is gebore sondaars teen God, maar Hy het ons lief genoeg gehad om Christus, sy Seun, te stuur om vir ons te sterf.



Die Bybel stel dit in Hebreërs 12:15 so:

"Sien toe dat niemand die genade van God verspeel nie, sodat geen wortel van bitterheid opskiet, en moeilikheid veroorsaak, en baie daardeur besoedel word nie."

vergewe?

Ek beklemtoon Matteus 6:15, wat werklik die die kerntema van hierdie boek aansluit: "Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."

Kyk só daarna: Ons het opdrag ontvang om almal wat ons te na kom, te vergewe, nie net dié wat dit versoek, of wat eerste oortreders is, of wie se oortredings vergeeflik is nie. In Matteus 18 maan Jesus Petrus dat ons mekaar "sewentig maal sewe" keer moet vergewe, en gee die ontnugterende vermaning dat, as ons mekaar nie vergewe nie, ons Vader in die hemel ons ook nie sal vergewe nie.

Heer, leer en help ons om te vergewe!



Jesus antwoord hom: "Nie tot sewe keer nie, maar tot sewentig maal sewe keer."

Na gelang ons vergewensgesind word en die gepaardgaande verbittering en woede afskud, word ons bevry om in ware vrede en vreugde te leef, en in geestelike volwassenheid te groei.

4

*Sal God
my vergewe
as ek ander mense
nie vergewe nie?*

#36 *Die Onse Vader is so basies...*

Luidens Matteus 6:9 sê Jesus: “Só moet julle dan bid:” en gaan in Matteus 6:12 voort: “En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan.”

Mens word dus nie vergewe *omdat* jy iemand vergewe het nie. Jy word vergewe *wanneer* jy vergewe. **Daar is 'n groot verskil!** Want wanneer jy iemand vergewe, sal die Hemelse Vader jou ook vergewe.



Die Erns van Vergifnis:

Vergifnis is nie bloot 'n morele keuse nie – dis 'n geestelike noodsaak.

Daarsonder loop ons die risiko van verwydering van God en die meegaande innerlike wroeging.

Daarmee geniet ons vrede, genesing en vryheid.

Het jy dit geweet?

mense sien dit dikwels oor.

“Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.” (Matteus 6:15)

Nie miskien nie. Nie dalk nie. Hy **SAL nie.**

Hier is drie goed wat nou dalk ongewoon klink, maar sinvoller sal word wanneer julle verder lees:

- 1 *God wil hê dat elkeen van ons diegene vergewe wat ons te na gekom het.* Ja, dis is volkome waar – en dis wesenlik aan die evangelie wat Jesus ons in Matteus 6:14–15 leer.
- 2 *Wanneer ons weier om mekaar te vergewe, maak dit ons vatbaar vir bese swaarte.* 'n Onvergewensgesinde hart raak kwesbaar vir verbittering, trots en geestelike duisternis. In Efesiërs 4:26–27 maan Paulus: "Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie. Moenie vir die duiwel plek gee nie." Om 'n wrok te koester, gee Satan toegang tot die siel. **Vergifnis is nie bloot emosioneel nie – dis geestelike beskerming.**
- 3 *God gee hulle wat weier om te vergewe aan die folteraars oor.* (Matteus 18:21–35). In dié gelykenis vertel Jesus van die slaaf wie se meester hom 'n groot skuldbedrag kwytskeld het, maar wat toe die klein bedraggie wat iemand hom geskuld het, nie wou vergewe nie. Sy meester het hom nie tronk toe gestuur nie, maar aan die folteraars oorhandig. Dit simboliseer die innerlike wroeging van 'n onvergewensgesinde hart: skuldbesef, verbittering, slapeloosheid en geestelike wroeging. Jesus eindig die vergelyking met 'n waarskuwing:

So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.

Matteus 18:35

#37 Nog iets oor die Onse Vader en vergifnis.

Wat sê Matteus 18 nog?

Daarom is die koninkryk van die hemele soos 'n koning wat rekening van sy slawe wou eis. Toe hy hulle skuld begin nagaan, is een wat tien duisend talent verskuldig was, na hom gebring. Omdat hy nie kon terugbetaal nie, het die heer beveel dat hy, asook sy vrou en kinders en alles wat hy besit, verkoop word en dat die skuld so terugbetaal moes word. Die slaaf het toe voor hom op die grond neergeval, laag voor hom gebuig en gesê: "Wees geduldig met my, en ek sal u alles terugbetaal." Die heer van daardie slaaf het hom innig jammer gekry, hom vrugelaat en sy skuld vir hom kwytgeskeld.

Maar toe daardie slaaf uitgaan, het hy een van sy medeslawe gekry wat hom honderd denarius geskuld het. Hy het hom aan die keel gegryp, gewurg en gesê, "Betaal terug wat jy skuld!" Sy mede-slaaf val toe neer en smeek hom, "Wees geduldig met my, en ek sal jou terugbetaal."

Maar hy wou nie – intendeel, hy het weggegaan en hom in die tronk laat gooi, totdat hy die verskuldigde bedrag sou terugbetaal.

Toe sy medeslawe sien wat gebeur het, was hulle baie ontsteld en het vir hulle heer alles gaan vertel wat gebeur het. Daarop ontbied sy heer hom en sê vir hom, "Jou slegte slaaf! Al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld omdat jy my gesmeek het. Moes jy nie ook jou medeslaaf begenadig soos ek jou begenadig het nie?" En sy heer het kwaad geword en hom aan die folteraars oorgegee totdat hy al die skuld sou terugbetaal.

“ So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

Die Griekse woord vir marteling is



Die letterlike betekenis van dié woord is *fisieke of emosionele foltering*.

Emosionele lyding het egter twee aspekte:

Eerstens: Mens is nie dadelik bereid om genadig te wees nie; maar jy hou die agterdeur oop. Byvoorbeeld, as jou vrou jou vir 'n ander man verlaat het, sal jy haar sekerlik nie die volgende oggend al vergewe nie, of hoe? Hoe lank dan voor jy bereid is om genadig te wees? **Ses maande, ses jaar, tagtig jaar?**

Jewers in jou lewe moet jy aanvaar jy sal haar *moet* vergewe. *Die Heer laat 'n tydperk vir genade toe, en elkeen het so 'n tydperk.*


Tweedens: Daar is mens se kindertyd, en 50% van julle onthou seker ervarings as kind wat nie lekker was nie.

- **Vir sommiges was dit bitter en hartseer, tog moet ons versigtig wees om nie te voel ons is reg en al die ander mense is sleg nie.**

#38 *As jy woedend is, moenie praat of optree nie*

Netjiese woorde...

Maar om realisties te wees, dis makliker gesê as gedaan! Op die einste dag toe ek dié bladsy geskryf het, nader 'n man van 44 my. Hy was 23 jaar lank getroud en is lief vir sy vrou en hulle twee volwasse seuns. Sy is 'n klerk by 'n plaaslike kerk. Nou het hy agtergekom sy het 'n minnaar, 'n getroude man van 'n ander kerk.



Mens kan verstaan dat hy ontsteld is. Hy vra my raad oor hoe om die situasie te hanteer.

Watter raad het ek dié diep gekweste man gegee?

Die aanhaling deur Pitagoras is in dié emosioneel gelade situasie van pas. Ek het hom aangeraai om te vergewe, hoewel dit lank sal vat, dalk jare. Hy is nie geregtig op weerwraak nie, al is hy op hierdie oomblik hoe lus daarvoor.

- 'n Werklike geval, wat inspeel op die tema van dié boek.

Moenie praat of optree nie

**Moenie jou seënings verwerp
deur jou te wil wreek
op die mense wat jou
te na gekom het nie.
Laat dit aan God oor
om namens jou op te tree.**

Moet jou nie wreek nie, my liewe vriend.

Laat God vir jou wraak neem, want die Skrif lui: "Aan My kom die wraak toe; Ek sal vergeld," sê die Here. (Romeine 12:19)

Charles Spurgeon het ons geleer wraak kan nie met die Christelike gees versoen word nie. Dis om kwaad met kwaad te vergeld, wat as dierlik beskryf word en vermy moet word. Pleks hiervan staan hy die teenoorgestelde voor: Oorwin die kwade deur die goeie, antwoord onreg met gaafheid en laat jou wraak aan God oor, aangesien Hy die finale regter is.


Laat God die wraak neem:

Ware wraak, volgens Spurgeon, is God se werk. Hy is regverdig en sal ten slotte met sonde klaarspeel.

- Christene moet God se tyd afwag en nie weerwraak nastreef

Liewe Leser
Jy sal saamstem dat weerwraak
verband hou met 'n gees wat nie
wil vergewe nie.

#39 *Wat gebeur as ons mekaar...*



**Wat is die gevolg as ek weier om
iemand te vergewe? Die Skrif
openbaar iets ontnugterends:
As ons weier om te vergewe,
weier God om ons te vergewe.**

**Dié waarheid het my tot in my
murg geskok toe ek dit ontdek.**

nie vergewe nie? 1

Het jy ooit gewonder hoe diepsinnig hierdie waarheid werklik is?

Dink bietjie na: Wat gebeur wanneer ons mekaar nie vergewe nie?

Die gevolg is ontstellend – God weerhou sy vergifnis van ons.

Ja, dis waar – Hy hou op om ons te vergewe wanneer ons weier om te vergewe.

Dis nie my mening nie - dis presies wat Jesus self sê. Hy waarsku ons dat, as ons nie vergewe nie, God ophou om ons te vergewe.

Kom ek herinner jou weer aan

Matteus 6:12.

Lees dié vers gerus weer in jou eie

Bybel – of blaai net om...

#40 Herinnering uit...

“En vergeef ons ons skulde,
soos ook ons hulle vergeef
wat teenoor ons skuldig staan.”

Lees nou vers 15: “Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.” (Matteus 6:12-15)

Het jy dit gelees?

Verstaan jy dit?

Hy sal en kan ons nie vergewe nie. Hy kan in Sy almag – maar sal nie.

Nou wat gebeur dan?

Wat volg as ek my hart verhard en sê *Ek sal nie vergewe nie?*

My sondes begin in my rekening oploop, ongereinig en onvergewe.

En dit maak 'n deur oop!

Die vyand verkry die reg om in te gaan – toestemming vir toegang.

Die folteraars verkry die reg om binne te dring, om te teister, om te folter.

Wanneer God vergifnis weier, open dit die deur vir die teisteraars.

Matteus 6:12

Wanneer ons weier om te vergewe, open ons 'n wettige deur in die geesteswêreld.

Die teisteraars – ja, werklike geestelike magte – verkry regmatig toegang tot ons lewens.

Weiering om te vergewe gee hulle die sleutel... en hulle huiwer nie om in te kom nie.

Waarom tref die teisteraars sowel dié wat glo as dié wat nie glo nie?

Vergifnis geweier word teistering ontketen.

Wat jy ander ontsê, ontsê God jou.

**Vergifnis geweier
word
teistering ontketen.**

#4 *Wat gebeur as ons mekaar nie...*

Pyn en probleme sal 'n uitwerking op jou hê:

◆	Fisiek	◆
◆	Geestelik	◆
◆	Verstandelik	◆
◆	Finansieel	◆
◆	Emosioneel	◆

**Ons besef nie mooi hoe
kragtig dié boodskap is nie!**

Die las van teistering word swaarder en swaarder
na gelang onvergeefde sondes stilweg toeneem,
vlak op vlak.

Die siel se lyding vermenigvuldig na gelang
onverskoonde oortredings opstapel,
die een op die ander.

vergewe nie? 2



Jou sondes hoop op soos skrootafval – vlak op vlak, verroes en verrot, brandstof vir teistering.

Lees dus asseblief wat ek volgende sê **sorgvuldig**, want die woorde wat volg, is...

MOEILIK MAAR NODIG.
MOEILIK MAAR NODIG.
MOEILIK MAAR NODIG.
MOEILIK MAAR NODIG.
MOEILIK MAAR NODIG.

#42 Die nagevolge as jy weier om te vergewe...

Wanneer mens jou sondes nie bely nie, neem jou sielewroeging toe onder die las van genade wat jou ontsê word.

Jy kan nie deur

- ◆ Gebed
- ◆ Goeie dade
- ◆ Pastorale berading
- ◆ Medikasie

verlos word nie.

Net vergifnis kan die storm laat bedaar – en dit moet in jou hart plaasvind. Daar is geen ander uitweg nie.

Want dis wat die Here toelaat en gesê het.

Efesiërs 4:29

“Nie ’n enkele afbrekende woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder ’n woord wat goed is vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor.”

... kring altyd uit

Efesiërs 4:30:

“En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie.”

Efesiërs 4:31:

“Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad.”

* Ignoreer dié tekste en jy ontwikkel 'n onvergewensgesindheid, wat homself voed en jou, die een wat nie wil vergewen, benadeel.

* Dié onvergewensgesindheid kring uit, wyer en wyer, met 'n krag wat natuurlik voel – maar tot vernietiging lei.

#43 'n Geesteswond wat 'septies' raak...



'n Onbehandelde septiese wond (dit wil sê die weiering om te vergewe) veroorsaak verswering, wat versprei en die liggaam groot skade kan aandoen.

Om aan woede, wrewel, griewe en verbittering (die emosionele 'verderf') vas te klou, kan mens se geestelike, liggaamlike en gemoedswelsyn insgelyks 'besmet'. Sou dit onbehandel bly, kan dié 'verswering' lei tot:

- ♡ Chroniese stres en angstigtheid
- ♡ Hoë bloeddruk
- ♡ Depressie
- ♡ 'n Verswakte immuunstelsel

Dis ter illustrasie. In die geval van iemand wat nie wil vergewe nie, ontwikkel die persoon negatiewe gevoelens jeens ander mense weens sy of haar gesindheid en optrede.

Jy word kwaad en die woede bou in jou op.

*en nie behandel
word nie, lei na...*

VERBITTERING

Ons begin sterk negatiewe gevoelens teenoor die ander persoon ontwikkel. Ons raak verhard, met 'n gevoel van wantroue.


Laster en slegpraat volg.

Om ander mense te beswadder en sleg te praat van hulle is afbrekende optrede wat die verspreiding van laster en leuens om hulle reputasie te vernietig, behels.

Naamskending is die tegniese regsterm.

Laster verwys spesifiek na uitgesproke naamskending, die opsetlike verspreiding van leuens en die gevolglike skandaal, wat 'n persoon aansienlike skade kan berokken.

Dit spruit voort uit die 'septiese' geestestoestand.



5

*Waarom moet ek
die persoon wat my
te na gekom het,
vergewe?*

#44 Dietrich Bonhoeffer se Siening...



Dietrich Bonhoeffer het vergifnis as volg beskou:

Sy begrip van vergifnis is in die eerste plek diep gewortel in die lewe en dood van Jesus Christus. **Om te vergewe is om te deel in Christus se eie lyding en daade ten bate van ander. Dis fundamenteel.**

Tweedens, as 'n oortreder geen berou toon nie, moet hy aan God se oordeel oorgelaat word, eerder as om verbittering in die harte van hulle wat te na gekom is, te laat smeul.

van Vergifnis

Vir Bonhoeffer is vergifnis nie iets wat mens ter wille van jou gewete doen nie; dit gaan gepaard met die bieg in die uitvoering van wees-vir-ander.

***Wees-vir-ander* is wie Christus is, wat Hy doen en wat Hy in ons moontlik maak.**

Bonhoeffer beskou vergifnis as die hart van die Christelike lewe, nie as *goedkoop genade* nie, maar as 'n ingrypende en moeilike daad van *kosbare genade* wat berou, gehoorsaamheid en die wil om vir Jesus te ly, vereis.

Vir Bonhoeffer beteken vergifnis om jou reg op woede en weerwraak prys te gee. Pleks daarvan moet mens kwaad met goed vergeld en sodoende meedoen aan Christus se lyding. **Hy glo opregte vergifnis is nie self-vergifnis nie, maar 'n goddelike gawe wat mekaar moet insluit, want dit lê aan die hart van ware Christelike dissipelskap.**

**Wees-vir-ander is wie Christus is,
wat Hy doen
en wat Hy in ons moontlik maak.**

#45 'n Goddelike opdrag en die noodsaak om mekaar te vergewe.



Die *hart en wese* van 'n Christen:

Christelike vergifnis is in antwoord op die perkelose genade wat God aan ons betoon.

Om 'n Christen te wees, beteken om dié genade te beliggaam deur mekaar te vergewe, soos God ons vergewe het.

C S Lewis

se perspektief

Volgens C S Lewis volg Christene, wanneer hulle die onvergeeflike in mekaar vergewe, God se voorbeeld, want Hy vergewe die onvergeeflike in ons...

'n Moeilike maar noodsaaklike daad ter wille van die geestesvryheid om jou lewe uit die kloue van die verlede te bevry.



Clive Staples Lewis

Gebore: 29 November 1898, Belfast, Verenigde Koninkryk

Sterf: 22 November 1963, Oxford, Verenigde Koninkryk

#46 Richard Wurmbrand se ware belewenis...

Toe ek in die tronk was, het ek baie, baie siek geword. In die bed regs van my het 'n priester met die naam Iscu gelê. Hy was 'n kloostervader.

Dié man, dalk in sy veertigs, is so erg gemartel dat hy op die rand van die dood was, maar hy was houtgerus. Hy het gepraat van sy hoop om hemel toe te gaan, van sy liefde vir Christus, van sy geloof.

Sy gesig het van vreugde gestraal!

Aan my linkerkant het die Kommunistiese folteraar gelê wat die priester tot aan die rand van die dood gemartel het. Hy is deur sy eie kamerade in hegtenis geneem. Ek glo die koerante nie wanneer hulle sê die Kommuniste haat net die Christene en die Jode nie – dis net nie waar nie. *Hulle haat net*. Hulle haat almal. Hulle haat Jode, hulle haat Christene, hulle haat anti-Semiete, hulle haat anti-Christene, hulle haat 'n ieder en 'n elk. Een Kommunis haat 'n ander Kommunis. Hulle twis onder mekaar, en wanneer 'n Kommunis met 'n ander een baklei, plak hulle die ander een in die tronk en folter hom net soos 'n Christen. Hulle slaat hom!

En so het dit gekom dat die Kommunis wat die priester byna doodgemartel het, self deur sy kamerade byna doodgemartel is. En hy lê langs my en sterf. Sy siel is in diepe wroeging. In die nag maak hy my wakker en sê: “Leraar, bid asseblief vir my. Ek durf nie doodgaan nie; ek het die gruwelikste misdade gepleeg.”



van Vergifnis, Liefde en die Dood

Toe sien ek 'n wonderwerk. Ek sien die verminkte priester twee ander gevangenes roep. Hy leun op hulle skouers en stap sukkel-sukkel om my bed en gaan sit op die folteraar se bed. En hy streel die man se kop! Dié gebaar sal ek nooit vergeet nie. Ek het gesien hoe 'n vermoorde man sy moordenaar koester!

Dis mos liefde – om sy folteraar se kop te streel!

Die priester sê toe vir die man, “Jy is nog jonk; jy het nie geweet wat jy doen nie. Ek het jou met my ganse hart lief.” Maar hy het dit nie bloot gesê nie. Mens kan die woord ‘liefde’ sê, en dis net 'n woord met ses letters. Maar dié priester het hom opreg liefgehad.

“Ek het jou met my ganse hart lief.”

Toe gaan hy voort: “As ek, 'n sondaar, jou so lief kan hê, dink hoe lief Christus, wat die vleesgeworde Liefde is, jou het! En al daardie Christene wat jy gemartel het, weet dat hulle jou vergewe, dat hulle jou liefhet, en dat Christus jou liefhet. Hy wil hê jy moet verlos word, nog baie meer as wat jy dit wil hê. Jy wonder of jou sondes vergewe kan word. Hy wil jou jou sondes vergewe, nog meer as wat jy jou sondes vergewe wil hê. Hy wens om jou saam met Hom in die hemel te hê, nog veel meer as wat jy wens om saam met Hom in die hemel te wees. Hy *is* die Liefde. Jy hoef jou net na Hom te wend en jou te berou.”

Die vermoorde het sy moordenaar vergewe. Hulle het saam gebid, mekaar omhels, en toe gaan die priester terug na sy bed toe. Hulle is albei daardie selfde nag dood.

Dit het ek met my eie oë gesien.

Richard Wurmbrand

Diederich Bonhoeffer oor #4 Vergifnis

Dietrich Bonhoeffer het vergifnis beskou as 'n dure en pynlike daad – 'n daad van kosbare genade eerder as goedkoop verskoning. Ware vergifnis, syns insiens, verg opregte berou, belydenis en die wil om die waarheid te aanvaar. Dit is nooit 'n belangse kwytsekelding wat die sonde verontagsaam en aanspreeklikheid nalaat nie.

Vergifnis is op sigself 'n tipe lyding, want dit behels dat mens jou regmatige aanspraak op geregtigheid of weerwraak prysgee en die vergelding aan God oorlaat.

Nogtans open dié dure daad die poort na versoening, gegrond op Christus se eie versoeningswerk, waar die individu homself sien as sowel geregverdigde as sondaar, met 'n gelyke behoefte aan genade. In so 'n gemeenskap dra gelowiges mekaar se laste, verbreek die kringloop van verbittering en leef met liefdevolle selfopoffering.

- **Vir Bonhoeffer is vergifnis nie bloot innerlike verligting nie – dis 'n herskeppende, gemeenskaplike herlewering wat mense terugbring na 'n ware, genadige broederskap.**



*Diederich Bonhoeffer is in 1906 gebore. Hy was 'n Duits-Lutherse pastoor en ortodokse teoloog, wyd bekend vir sy geskrifte oor die rol van die Christendom in die sekulêre wêreld. In April 1943 het die Gestapo hom in hegtenis geneem en hy is tragies op 9 April 1945, toe die Nazi-regime reeds besig was om ineen te stort, opgehang. Sy boeke, veral **Die Prys van Dissipelskap**, is steeds baie invloedryk in die Christelike gemeenskap.*

Sleutelaspekte van Bonhoeffer se Vergifnis

- 1 *Lyding en Kosbare Genade:* Vergifnis is nie maklik nie; dis 'n pynlike proses van saam met die oortreder ly en af te sien van jou regmatige eis vir weerwraak, ter wille van kosbare verlossingsliefde.
- 2 *Goedkoop Genade vs Kosbare Genade:* Hy maan teen vergifnis sonder meegaande berou. Hy noem dit "goedkoop genade", wat sonde regverdig sonder dat die sondaar tot inkeer kom. Ware genade lei na dissipelskap en die opneem van die Kruis.
- 3 *Berou en Versoening:* Opregte vergifnis verg belydenis en berou deur die persoon wat jou te na gekom het; daarsonder is versoening onmoontlik en vergifnis sinloos.
- 4 *Wees-vir-Ander:* Vergifnis lê aan die hart van 'n Christelike lewe. Dit beliggaam Christus se teenwoordigheid in ons wanneer ons "vir ander" word en daadwerklik saam met hulle leef en ly.

#4 Vergifnis raak selfs jou...

*Om 'n wrok
te koester.
maak jou nie
sterk nie.
Dit maak jou
bitter.*



*Vergifnis
maak jou nie
swak nie.
Dit bevry
jou.*

Dit blyk dat vergifnis merkwaardige voordele vir mens se liggaamlike welsyn inhou. Navorsing verbind dit met 'n laer risiko van hartaanvalle, laer cholesterolvlakke, beter slaap en minder pyn, angstigheid, depressie en stres.

Dié gesondheidsvoordele blyk duideliker na gelang mens ouer word. Of jy nou met 'n maat vassit oor 'n onbenulligheid of 'n pynlike twis met 'n familielid het, onverwerkte spanning kan ernstiger wees as wat jy besef – dit kan jou liggaam soms net so erg skade aandoen as jou gees.

Dis Bybels – ons moet leer om makliker te vergewe!

gesondheid

Die verwantskap tussen vergifnis en gesondheid berus op die uitwerking van stres op die liggaam. Chroniese woede en gramskap stel die liggaam in 'n voortdurende toestand van "veg of vlug". Dit verhoog die vlak van kortisol (die streshormoon) en die allostatiese las (fisiologiese verwerking). Vergifnis help om dié vlakke te verlaag, wat die liggaam se fisiologiese ewewig herstel en gesondheidsrisiko's verminder.

Vergifnis kan jou jonger laat lyk en laat voel deur stres, woede en verbittering te verminder - minder spanning, minder plooië! Dié gelykmoedigheid bring beter geestesgesondheid, gesonder verhoudings en 'n frisser voorkoms mee. Om 'n wrok te koester, vang jou vas in 'n bose kringloop van negatiwiteit.

Verlossing stel nuwe energie vry, bevorder emosionele genesing en laat jou 'n positiewe, jeugdige lewens-blyheid uitstraal.

Boonop verminder vergifnis gesigspanning. Wrevel gee jou 'n gespanne, strak uitdrukking met skerp plooië en 'n 'harde' voorkoms. Vergifnis versag en ontspan jou gelaat. **Dit laat jou jonger en mooier lyk!**



#4 Vergifnis deur die Here

Sonde bring pyn en lyding mee, maar die Here se vergifnis gee verligting, troos en vreugde.

Ons kan vergifnis vir ons sonde ontvang deur opregte en volledige berou. Omdat Jesus Christus namens ons geboet het, gee die Here ons die volgende versekering:

- 1 "Kom tog, laat ons die saak uitpraat!" sê die HERE. "Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word." Jesaia 1:18
- 2 "Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig." Matteus 11:29-30



Wie sy oortredings bedek, sal nie sukses behaal nie; maar hy wat dit bely en laat vaar, ervaar ontferming.

Spreuke 28:13

Vergifnis vir mekaar

**As ons ons eie sondes vergewe wil hê,
moet ons bereid wees om ander te
vergewe.**

Ons moet God hierin nadoen – Jesus gee ons dus 'n ondubbelsinnige opdrag in Markus 11:25. Die Bybel koppel vergifnis ook aan die liefde.

1 Korintheërs 13:4-5 herinner ons: “Liefde bly geduldig, liefde gee om, liefde is nie jaloers nie, spog nie, en is nie verwaand nie. Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie eiebelang na nie, is nie liggeraak nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie.”



- Dié verse hou die idee aan ons voor dat vergifnis aan die hart van opregte Christelike liefde lê.

“En wanneer julle staan en bid – as julle iets teen iemand het, vergeef hom, sodat julle Vader in die hemele julle ook julle oortredings kan vergeef.”

Markus 11:25

#Stoïsynse siening #50 van vergifnis...

AS IEMAND JOU VERRAAI OF TE NA KOM,
MOET JY BESEF HY TREE OP VOLGENS WAT
HY AS REG BESKOU. JY MOET NET BESLUIT
HOE JY GAAN REAGEER.

MARKUS AURELIUS

Vergifnis as die weg na innerlike vrede

Vergifnis, volgens die Stoïsisme, is nie 'n teken van swakheid nie, maar 'n redelike en vroom antwoord op die lewe se uitdagings. Deur woede en wrewel te laat vaar, bevry jy jouself van emosionele ongedurigheid, herwin beheer oor jou innerlike lewe en bevorder persoonlike groei.

Of jy jouself of ander vergewe, toon Stoïsynse beginsels duidelik hoe om vrede, welsyn en standvastigheid te vind. Deur dié beginsels na te volg, kan jy vergewensgesindheid as 'n gewoonte aankweek, wat na 'n rustiger, ferm geankerde lewe lei.

"Jyself - nie eksterne gebeure nie – het beheer oor jou verstand. Besef dit, en jy sal sterk word." Markus Aurelius

Markus Aurelius (121-180)
Romeinse keiser en filosoof



deur Markus Aurelius

Laat vaar jou wrewel: Stoïsynse vergifnis berus op die oortuiging dat mens ander mense se optrede nie kan beheer nie – slegs ons eie reaksies daarop. Die Stoïsyne het geglo wanneer ons aan wrewel of woede vasklou, dit ons sielorus versteur en ons redelike lewensverloop ontwig. Wanneer mens vergewe, skud jy negatiewe emosies af en herwin jou sielorus deur jou toe te spits op dít wat werklik saak maak.

Veroordeling is ondergeskik aan meegevoel: Volgens die Stoïsisme begin vergifnis by 'n begrip van die menslike aard. Hulle het geglo mense se handelwyse is dikwels te wyte aan onkunde, onredelikheid of wanbegrip. Eerder as om ander te veroordeel, moet ons meegevoel hê en insien dat foute deel is van menswees.

Vergifnis is 'n vorm van selfbeheer: Een van die Stoïsisme se grondbeginsels is dat daar twee vorms van verstandelike beheer is – ons kan ons gedagtes, handelwyse en reaksies beheer, maar nie eksterne gebeure of die gedrag van ander nie. Wat vergifnis betref, beteken dit om te verkies om negatiewe gevoelens af te skud en nie toe te laat dat iemand anders se optrede ons emosionele toestand bepaal nie.

Vergifnis verlos jou van 'n las: Die Stoïsyne het benadruk hoe belangrik 'n vreedsame lewe, vry van onnodige emosionele onstuimigheid, is. Om vas te klou aan griewe, woede of wraaksug skep innerlike konflik en verhinder persoonlike groei. Deur te vergewe, verlos jy jou van dié laste en herwin jy jou emosionele vryheid.

#51 *Hoeveel beter om te genees...*

“*Kom ons wees gaaf met mekaar.*”

Seneca skryf, “Kom ons wees gaaf met mekaar. Ons is bloot sondige mense wat tussen sondige mense woon. Net een ding kan ons vrede gee, en dis ’n verdrag van wedersydse verdraagsaamheid.”

Wat Seneca beter as die ander Stoïsyne begryp het, is vergifnis en verdraagsaamheid. Hy onderstreep die krag wat in vergifnis en herstel te vinde is.

Wraaksug vreet energie en verewig skade, terwyl genesing vrede en groei aanwakker.

Sy insig bevorder emosionele volwassenheid en die wysheid om versoening eerder as vergelding te kies.



Vergewe om vergewe te word: Seneca verbind om mekaar te vergewe met die ontvangs van vergifnis. Dit veronderstel ’n wederkerige behoefte aan genade.

*Lucius Annaeus Seneca die Jonge,
4vC – 65nC, Romeinse staatsman,
filosoof en dramaturg*

*... as om weerwraak
te soek*



Rembrandt van Rijn: *Terugkeer van die Verlore Seun* (1661–69)

Dié skildery deur Rembrandt, wat beskou word as een van die groot meesterwerke van die Europese kuns, beeld hartgrondige vergifnis uit: die Bybelse verhaal van die Terugkeer van die Verlore Seun, soos deur die Meesterverteller, Jesus self, vertel.

Die gelykenis van die Verlore Seun verskyn in
Lukas 15:11–32.

*“Hoeveel beter om te genees
as om weerwraak te soek.”*

#52 *Carnegie het vergifnis beskou as...*



Dale Carnegie het vergifnis gesien as 'n kragtige, volwasse vaardigheid wat mense help om doeltreffer te interreageer en om persoonlike vrede te bewerkstellig. Dit berus op empatie en selfbeheer.

Volgens hom is vergifnis 'n teken van 'n verhewe karakter, wat selfbeheer en begrip bo verwyf stel.

Hy benadruk dat insig in mense se beweegredes lei tot meegevoel en verdraagsaamheid. Ten slotte baat mens wanneer jy wrewel verwerp, want dit stel emosionele energie vry. Dit sluit aan by sy beginsel dat mense op menslike verhoudings moet fokus, eerder as om mekaar te veroordeel.

*'n teken van 'n
verhewe karakter*



IEWERS ANDERKANT
REG EN VEKEERD
IS 'N TUIN.
EK KRY JOU DAAR.
RUMI

Wees minder krities #53 en...

Carnegie het **ses beginsels** uitgestippel vir die bou van sterk verhoudings.

Hulle is:

- 1 Wys ware belangstelling in ander mense,
- 2 glimlag,
- 3 onthou name,
- 4 wees 'n goeie luisteraar,
- 5 wees opreg, en
- 6 vermy argumente.

SODRA JY OP DIE PUNT IS OM
FOUT TE VIND MET IEMAND,
VRA JOUSELF DIE VOLGENDE AF:
WATTER VAN MY EIE FOUTE
IS DIE MEESTE SOOS DIE
FOUT WAT EK NOU WIL
KRITISEER?



MARKUS AURELIUS

meer vergewensgesind

Dale Carnegie se beroemde eerste beginsel, **Moenie Kritiseer, Verdoem of Kla nie**, uit sy boek *How to Win Friends and Influence People*, benadruk dat dié negatiewe gedrag verwaandheid en wrewel in die hand werk, en verhoudings vernietig.

Deur egter **vergifnis, begrip en meegevoel** te betoon, bou ons vertroue en open kommunikasiekanale. Dit lei na 'n positiewe benadering wanneer ons mense ontmoet en met hulle kommunikeer.

Eerder as om ander te blameer, stel Carnegie voor dat ons ons toespits op die oplossing van probleme en begrip en waardering vir ander mense se perspektief toon, om sodoende empatie eerder as konflik te skep...



Sy beginsels is nie kompleks of uniek nie, tog vereis hulle bewustelike en deurlopende werk.

Don't Criticise
Don't Condemn
Don't Complain

**Moenie Kritiseer,
Verdoem of Kla nie**

6

*Hoe om te
berus.*

#54 Dis edeler om te vergewe...

Om te vergewe en 'n oortreding agterweë te laat, is die beste keuse. Om jou griewe te koester en wraakplanne te smee, dien net om ou wonde rou te hou en nuwe pyn te skep. Dis veel beter om die oortreding te vergeet en te vergewe. Dit bring genesing en jy kan in vrede aanbeweeg.

As iemand wat my lewe lank kerkgaan, let ek met hartseer op hoeveel mense nie meer eredienste bywoon nie. Party gaan na 'n ander kerk wat hulle dink beter is, terwyl sommiges heeltemal ophou kerkgaan, dikwels weens persoonlike struweling. Nog hartseerder – baie van hulle sal nooit weer in 'n kerk kom voor hulle in hulle kis ingedra word nie.

Dis dikwels duidelik dat dié mense met sonde stry en wegstrem van die nodige gesprek met hulle dominee of leraar. Eiweaan steek kop uit en die ego neem oor.

En in die proses kry die kerk dikwels die skuld vir die vervreemding.

Dié kringloop herinner ons hoe belangrik dit is om 'n liefdevolle, ondersteunende gemeenskap te bou, waar mense veilig voel om hulle struwelings te verwerk en kan genees, eerder as om veroordeel te word.



To err is human, to forgive divine - Alexander Pope

en die oortreding oor te sien.

“Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie. Almal wat aan Christus Jesus behoort, het hulle die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig. Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook met die Gees in pas bly.”

Galasiërs 5:22-25



“Om 'n Christen te wees, beteken om die onvergeeflike te vergewe, want God het die onvergeeflike in jou vergewe.”

C S Lewis

**Dit beteken
ek en jy!**

#5 *Vrede* *in jou lewe...*



Het jy geen vrede in jou hart nie?

As jy dié boek lees en jy voel onseker of onrustig, sê ek vir jou: Byt vas. Daar is hoop en begrip vorentoe, wat jou dalk net die vrede sal gee waarna jy smag.

Daardie hoop is om vrede in jou lewe te vind deur ander te vergewe – en deur jouself ook te vergewe.

Dié eenvoudige waarheid kan jou lewe verander en die kalmte en vrede van God in jou hart inbring.

deur ander te vergewe

Verbittering en 'n hardvogtige hart veroorsaak 'n gevaarlike kringloop. Wanneer verbittering ontstaan uit die weiering om te vergewe, kan dit jou in voortdurende pyn vasvang, wat dit nóg moeiliker maak om te vergewe. Verbittering vernietig jou medemenslikheid. In die plek daarvan kom iets wat bytend, sarkasties, verwytend en hardvogtig is. Herinneringe spook by jou, verwring jou perspektief en bederf jou lewensuitkyk.

- Om dié kringloop te verbreek, moet jy vergifnis kies – nie net ter wille van ander mense nie, maar ook om jou eie sielsvrede en ewewig te herstel.




Die nuttigste som wat jy kan doen, is om die toekomstige koste van jou huidige besluite te bereken.



Dink bietjie na daaroor!

#50 Vergewe gou en...

- a) **Besluit sommer nou om God te gehoorsaam** en veg teen die duiwel se pogings om jou met sy haatlike gedagtes en voorstelle te vergiftig. Wanneer jy besluit het om te vergewe, genees God jou van alle verbittering. (Matteus 6:14)
- b) **As 'n gelowige, moet jy staatmaak op die krag van die Heilige Gees.** Gaan op jou knieë en vra vir sy krag, sodat jy hulle wat jou te na gekom het, kan vergewe. Toe Jesus op die dissipels geblaas het, het Hy gesê: “Ontvang die Heilige Gees.” (Johannes 20:22)
- c) **Romeine 12:14 lui: “Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.”** In Grieks beteken ‘om te seën’ *om iets goeds van iemand te sê* en ‘om te vervloek’ *om sleg te praat van iemand*. Mens kan nie vergewe en ‘n skindertong wees nie; jy moet ophou om van die oortreding te praat en dit vergewe.



kom nader aan vergifnis



Wie moet ek vergewe?

Vergifnis begin met die insig dat God jou innig liefhet, selfs al is daar goed wat jy nie ten volle verstaan nie.

Mense maak soms ernstige foute, omdat hulle nie die Heilige Gees se hulp aanvaar nie. Sy hulp is die ware bron van genesing en krag.

Mens kan om onvergewensgesind te wees, sien as 'n soort geestelike onsuiverheid, 'n las wat aan die hart klou. Maar wanneer jy God se Woord toelaat om jou te suiwer en te hernal, is dit soos om met skoon water gewas te word, en vergifnis word moontlik. Dié suiwering help jou nie net om diegene wat jou te na gekom het, te verlos nie, maar hou jou eie hart ook suiwer en in vrede – met God en ander mense.

- Vergifnis is nie bloot op ander mense gemik nie; dis 'n kragtige stap om jou eie gees heel en gesond te hou.

#5 Wraak
is God se werk.



Dink jy die Here sal Hom wreek op mense wat
opsetlik boos is?

Natuurlik sal Hy!

*Ek gaan my flitsende swaard skerpmaak, en my hand sal dit
vir die vonnis vasgryp. Ek gaan wraak neem op
my teenstanders, my haters gaan Ek vergeld.*

Deuteronomium 32:41

*Geliefdes, moet julle nie wreek nie, maar laat ruimte vir die
oordeel. Daar staan immers geskryf: "Aan My
kom die wraak toe; Ek sal vergeld."*

Romeine 12:19

Wraak

is nie jou of my werk nie.

“As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Deur dit te doen, stapel jy vurige kole op sy hoof.”

Romeine 12:20

Wat beteken Romeine 12:20?

Dié vers vra ons om die teenoorgestelde van wraakneem te doen: *As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink.*

Hoekom?

Want gaafheid ontwapen boosheid. Dit stapel die vurige kole van die gewete op die oortreder se hoof. **Dis nie swakheid nie – dis geestelike oorlog!**

Wat Paulus sê, is: Moenie jou vyande ignoreer nie. Moenie terugkap nie. Toon eerder daadwerklike genade. Laat die reg aan God oor. *Wees jy genadig.*

Moeilik? Ja. Heilig? Terdeë.

- **Dis hoe Christus die bose oorwin het – met liefde wat haat deurboor het.**

#58 *Nou wat sê die volgende...*

Kom ons kyk bietjie wat Dawid te sê gehad het:

“En, my vader, kyk, ja, kyk hier, die soom van u mantel is in my hand. Want toe ek die soom van u mantel afgesny het, het ek u nie om die lewe gebring nie. Besef dan en sien in dat ek nie kwaad en opstand in die oog het nie. Ek het nie teen u gesondig nie, maar u maak jag op my om my lewe te neem.”

1 Samuel 24:12

*Dawid sny
'n stuk van
Saul se klee
af toe hy in
En-Gedi
geskuil het.*



vers dan?



En-Gedi – Dawid het hier onder 'n rots geskuil.

Toe Saul terugkom nadat hy die Filistyne agterna gesit het, word hy ingelig: “Kyk! Dawid is in die woestyn by En-Gedi.” (1 Samuel 24:2)

Hoewel Dawid die kans gehad het om Saul dood te maak, het hy genade verkies.

Soos Romeine 12:21 ons herinner: “Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad met die goeie.”

- **Dawid se selfbeheersing is 'n kragtige voorbeeld van 'n goddelike aard wat wraaksug oorwin.**

#59 *Ons praat nog oor...*

Dawid staan in die kamp met die mag in sy hande – maar hy verkies om hom in te hou.

"Die Here sal oordeel tussen u en my, en die Here sal my op u wreek, maar my hand sal nie teen u wees nie." 1 Samuel 24:13

Hy kon weerwraak geneem het, maar hy het nie. Hy laat die oordeel aan God oor. Dawid se hart vrees God meer as wat hy weerwraak begeer. Hy weier om kwaad met kwaad te vergeld. Hy verkies vertrouwe eerder as vergelding – geloof eerder as woede.

***My hand sal nie teen u wees nie...
die Here sal my op u wreek.***

Wat het dit met ons te doen?

Ja, ons kry seer – en hoewel ons nie met die vuig terugslaan nie, kap ons terug met woorde, skindertaal of beswadding. Dit is steeds weerwraak.

**Laat dit aan
die Here oor.**

WRAAK

“Here, Heerser oor alle magte, U wat regverdiges toets, wat hart en niere deurskou, laat ek u wraak op hulle sien, want aan U het ek my regspraak toevertrou.”

Jeremia 20:12

Hier roep Jeremia met rou eerlikheid uit: “Laat ek u wraak op hulle sien, Heer.”

Hy begeer om eerstehands te sien hoe God reg laat geskied aan hulle wat hom te na gekom het. Dis ’n pleidooi nie net om vergelding nie, maar ook vir versekering – dat die Heer sien, weet en optree.

En hier vra Samuel dieselfde (hy spreek Dawid aan):

“Mag die Here regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red.”

1 Samuel 24:16



#50 Wanneer mense mekaar vergewe, neem dit dalk...



Liewe Leser, voor jy dié bladsy begin lees, onthou dat God jou al meer keer vergewe het as wat jy enigeen ooit sou kon vergewe. Sy genade strek veel verder as ons foute, sy liefde styg bokant ons sonde uit en sy geduld duur voort lank nadat ons s'n op is.

Koester dié waarheid in jou hart terwyl jy voortlees – nie as 'n las nie, maar as 'n herinnering aan die Liefde wat deurgaans genees en hernuwe, en ons nooi om mekaar te vergewe met dieselfde meegevoel as wat ons ontvang het.

- **Maar as jy aan jou wrok bly vasklou soos 'n troefkaart en dit telkens speel, beteken dit jy weier steeds om te vergewe. Dit bots met Jesus se opdrag dat ons *sewentig maal sewe* keer moet vergewe.**



'n tyd voor genesing plaasvind



Vergifnis beteken natuurlik nie om die kwaad wat jou aangedoen is onder die mat in te vee en te maak asof alles maar in die haak is nie, terwyl dit allermens die geval is.

Na gelang van die situasie, beteken vergifnis nie noodwendig om te vergeet wat gebeur het nie. Genesing kan tyd neem.

Gekoppel aan dié genesingstyd is **vertroue**, en dis deel van ons toekomstige gedrag. Dit neem ook tyd!

Vertroue en vergifnis is dus gekoppel aan genade.

Christene moet mekaar dadelik vergewe, hoewel die genesing tyd mag neem.

**Die proses bestaan dus uit:
Vergifnis + Vertroue + Genade + Genesing.**

#61 *Nou hoe vergewe mens?*

In 'n boek soos dié kan die hele kwessie van vergifnis maar ietwat teoreties lyk, en as mens nie oppas nie, staan die boek vergete op 'n boekrak en stof vergaar.

Kom ons laat die teorie daar. Hoe vergewe mens iemand, **werklik en prakties**, wanneer daardie persoon jou dalk diep seergemaak het?

As Christene moet ons verstaan dat om ander mense uit eie krag te vergewe, soos ons deur God vergewe is, eenvoudig nie moontlik is nie.



Nietemin verseker die Christelike geloof ons dat niks met God onmoontlik is nie. Met die Heilige Gees in ons hart, word ons op 'n heilige pad na ware vergifnis gelei.

Daar is dus stappe wat mens kan doen wat ons kan help om opreg te vergewe en goddelike vrede in ons lewens te vind. So waak ons teen stagnering en keer ons dat die wortel van bitterheid, waarteen Hebreërs ons waarsku, opskiet.

Vergiffenis > Vertroue > Genade > Genesing

Dis 'n proses wat ons moet volg

- 1 **Onthou altyd God het jou vergewe!** In my eie lewe herinner ek my gereeld daaraan dat God my vergewe het. As ek dan soveel keer vergewe is, hoe kan ek griewe teenoor ander mense koester? Ek skryf dié woorde in alle nederigheid.
- 2 Onthou Jesus se woorde in die Onse Vader: “Vergeef ons ons sondes; want ook ons vergeef elkeen wat teenoor ons skuldig staan.” Dié woorde dwing ons om ons gevoelens te skik volgens God se opdrag aan ons.
- 3 Die proses van vergifnis sal dalk vir baie van ons ongemaklik wees, maar die sielerus wat dit bring, maak dit uiteindelik die moeite werd.
- 4 Moenie oor die oortreding tob nie. Die duiwel weet net hoe om sy kloue in te slaan terwyl die pyn nog pla, selfs wanneer ons die keuse uitgeoefen het om te vergewe.
- 5 Jou hart is dalk bietjie verhard en jy het nie lus om dit te doen nie, tog sê Jesus in Matteus 5:44: “Julle moet julle vyande liefhê, en bid vir hulle wat julle vervol.” **Nie maklik nie!** Maar as mens God vra om sy liefde vir die oortreder in jou hart wakker te maak en om jou van enige kwade gevoelens wat jy mag hê, te verlos, sal jy geseën word met daardie vrede wat alle begrip oortref.

*En die vrede van God, wat alle begrip oortref,
sal in Christus Jesus oor julle harte
en gedagtes waak.*

Filippense 4:7

#32 Op pad na vergifnis deur eerlik met jouself te wees

Vergifnis beteken om af te sien van jou reg op woede en vergelding.

Ons moet God vertrou om uiteindelik reg en geregtigheid te laat geskied. Die Woord sê in Romeine 12:19: ***"Ek sal vergeld," sê die Here.***

Dié vers waarsku ons teen die neem van weerwraak en benadruk dat ons die vergelding aan God moet oorlaat.

- Ter wille van groter helderheid: dié vers word dikwels vertolk as 'n herinnering aan God se gesag en geregtigheid.



“Die wraak kom My toe.”

Stort jou pyn en woede voor God uit!

Matteus 6:14-15 lui dat, terwyl God sy vergifnis vryelik verleen, die voorwaarde is dat ons gewillig moet wees om dieselfde genade aan ander te betoon.

Twee oorwegings:

- ✓ Om aan verbittering vas te klou en te weier om te vergewe, is 'n ernstige sonde wat jou verbond met God kan verbreek.
- ✓ As jy sukkel om te vergewe, raai ek jou aan om God te vertel en sy hulp te vra. Hy kan jou help om dit te verwerk en aan te beweeg.

***Van fundamentele
belang!***

**God se vergifnis
is nie te onder-
skei van ons bereid-
willigheid om gena-
de te betoon
en hulle wat ons te
nagekom het, te
vergewe nie.**



7

*Wat gebeur
as ek
nie vergeve nie?*

#03 Hoe om vrede in jou lewe te bewerkstellig...

OM 'N WROK TE KOESTER, IS SOOS OM GIF
TE DRINK EN TE WAG VIR DIE ANDER OM
OM DOOD TE GAAN.

Hoewel niemand weet wie dié pittige sêding eerste kwytinge-
raak het nie, spreek dit van 'n gewilde tema in verskeie
sielkundige, filosofiese en geestelike leringe oor die nadelige
gevolge van woede en wrewel.



"Om jou te verdiep in die
huidige oomblik is die
sleutel tot ware vergifnis.
Deur in die *hier-en-nou* te
bly, ontnem jy die verlede
van sy mag oor jou en kan jy
die stories en griewe wat jou
in 'n valse selfbewussyn
vaskeer, laat gaan." – Eckhart
Tolle: *The Power of NOW*

Eckhart Tolle (gebore: 16 Februarie 1948, Lunen, Duitsland) is 'n geestelike leer-
meester en skrywer van selfhelpboeke. Sy boeke sluit onder andere in *The Power of
Now: A Guide to Spiritual Enlightenment* en *A New Earth: Awakening to Your
Life's Purpose*.

deur ander te vergewe

GIF



Sommige tipes gif, soos alkohol en sigarette, is wel giftig, maar nie genoeg om onmiddellik te dood nie. Maar dis nie waaroor ons praat nie. Ons praat van

GEESTELIKE DOOD

#04 **Wrok** en...

*Dis hoe huwelike verbrokkel,
weens gevoelens van wrok en nyd
jeens die huweliksmaat.*



Hoe nyd 'n huwelik laat uitrafel

Wanneer mense mekaar nie vergewe nie, rig dit skanse tussen hulle op – stadig, stilweg, byna onsigbaar.

Nyd versmoor intimiteit. Dit lei tot verbittering en wedersydse misnoë, wat elke oomblikkie van saamwees bederf. Vertroue begin verdwyn, toegeneentheid vervaag en, waar julle voorheen gemaklik kon gesels, word gesprek nou 'n pynlike en gelade proses. Algaande raak die verhouding versteur, kil en emosioneel gevaarlik. En as die nyd toegelaat word om te gedy, dryf die harte so ver uiteen dat die liefdesband begin verbrokkel... tot daar op 'n dag niks meer oor is wat die huwelik in stand hou nie.

*onvergewensgesindheid
skep nyd.*



Aktiewe nyd

Griewe en weersin

Om gegrief te voel

Om 'n grief te koester, vergiftig jou hart algaande. Weersin groei wanneer ons te na gekom, verontagsaam of seergemaak word en ons die wond voed pleks van te laat genees.

Mettertyd word die persoon wat ons te na gekom het, feitlik 'n vyand in ons oë. Ons begin hom minag – ons vermy hom, weier om sy naam te sê en raak woedend wanneer iemand anders van hom praat.

- **Dié stilswyende, verterende nyd dryf nie net 'n wig tussen ons en die ander persoon in nie, dit vernietig ons eie vrede en vervorm ons gedagtes en reaksies op maniere wat ons kwalik agterkom, totdat die verbittering wortel skiet.**

#65 *Weerwraak. Waar weersin...*

Dis hier waar die groot drama in die lewe gebeur. Dis die stories wat ons op sosiale media lees of op TV sien. Dis die begeerte om jou te wreek, jou teenstander in gelyke munt terug te betaal. Om hom of haar terug seer te maak.

Jy wens in jou geheime hart hy of sy kom iets aakligs oor. Jy wens hy of sy wil doodgaan, of hom- of haarself om die lewe bring.

Onthou Matteus 6:14: "Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe."

Kom ons kyk hoekom dit nie gebeur nie.

Omdat jou hart vol gif is, gebeur die volgende:

> > > > >

AKSIE *word*

**Negatiewe gevoelens ontaard in
WOEDE.**

**Woede ontaard in
VERBITTERING.**

**Verbittering ontaard in
beswadding en die koester van
GRIEWE.**

**Griewe ontaard in
HAAT.**

**En ten slotte
VERGIFTIG DIT JOU HART.**



Het jy jou wederhelf
vanoggend vergewe?

Indien nie,
doen dit nou!



#*Liefde bevat ruimte om te...*



Dis dié ruimte tussen stimulus en reaksie wat ons die kans gee om te kies hoe ons gaan reageer.

Die aanhaling word toegeskryf aan Viktor Frankl, skrywer van *Man's Search for Meaning*. Dit beteken mens het die vryheid om te kies hoe jy op gebeure reageer. Dié vryheid van keuse is waar ons persoonlike groei en verlossing te vinde is.

- **Die presiese oorsprong van die aanhaling is nie bekend nie. Ek wonder of dit dr Wayne Dyer se beroemde woorde *Jy is die een wat kies* nie dalk geïnspireer het nie!**

antwoord en te vergewe

“Ons weet dat ons uit die dood oorgegaan het na die lewe, omdat ons ons broers liefhet. Wie nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar, en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe blywend in hom het nie.”

1 Johannes 3:14-15

“In daardie dae, toe Moses al groot was, het hy uitgegaan na waar sy volksgenote was en hulle dwangarbeid gesien. Hy sien toe 'n Egiptiese man wat 'n Hebreëuse man, een van sy volksgenote, slaan. Hy het om hom rondgekyk, en toe hy sien dat daar niemand is nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom met sand toegegooi.”

Eksodus 2:11-12

Moses het die Egiptenaar
nie vergewe nie.
Hy het hom doodgemaak,
ten spyte van die ruimte
tussen stimulus en reaksie,
wat aan alle mense
gegee word.



#67 *Vir die apostel Paulus was weerwraak...*

Paulus skryf in 2 Timoteus 4:14:
"Aleksander, die kopersmid,
het my baie kwaad aangedoen.
Die Here sal hom volgens sy
dade vergeld."

En net twee verse verder blyk
'n oomblik van diepe kwesbaar-
heid: "Tydens my eerste verde-
diging het niemand my byge-
staan nie; intendeel, almal het
my in die steek gelaat. Mag dit
hulle nie toegereken word nie."
(2 Timoteus 4:16)



Nou wat leer ons hieruit, liewe leser?

Dié vers hou 'n diepgaande les in vir elke gelowige en wedergebore Christen. **Dis nie maklik nie – maar dit is noodsaaklik.** Wanneer ons verontreg, verstoot of sleg behandel word, moet ons nie terugkap nie, maar met vertroue in die goddelike reg reageer.

Soos 1 Petrus 2:23 ons herinner: "Toe Hy uitgeskel is, het Hy nie teruggeskel nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar Homself toevertrou aan Hom wat regverdig oordeel."

**Dis ons roeping: Om ons pyn toe te vertrou aan
die Een wat alles sien en regverdig oordeel.**

onnodig.

Ja, daar is hoop vir die gelowige!


Laat dié besielende woorde van die profeet Esegïel (11:19) jou moed en krag gee:

Ek sal vir hulle 'n onverdeelde hart gee. 'n Nuwe gees sal Ek in hulle binneste laat posvat. Ek sal die hart van klip uit hulle liggame verwyder, en Ek sal vir hulle 'n hart van vlees gee.

Dis die antwoord – hervorming van binne af.

Mag die Here jou krag gee, liewe leser, terwyl ons die tweede helfte van dié diepgaande reis deur vergifnis onderneem – 'n reis gekenmerk deur genade, oorgawe en genesing.

Kom ons gaan met 'n oop gemoed en in gelowige afwagting voort.



Onvergewensgesindheid #168 groei soos 'n saad...



Wanneer mens 'n saadjie plant, skiet dit wortel en groei. Net so kwyn onvergewensgesindheid nie bloot omdat ons vroom begin optree nie, want die saadjie is geplant. Jy kan maar na tallose preke sit en luister, kerkdienste bywoon en goeie dade verrig – dit sal jou hardvotige hart nie suiwer nie.

Ware verandering berus op jou gesindheid. Soos 'n saadjie in die grond, hou onvergewensgesindheid aan om te groei, tensy jy plan maak daarmee. As jy verkies om daaraan vas te klou, is dit *jou* keuse – dis immers 'n saad wat *jy* geplant het.

- Hier staan jy dus by 'n kruispad: Jy kan hardvotig bly, weier om te vergewe en jou rug keer op die persoon wat jy nie wil vergewe nie. Maar ten slotte is dit *jy* wat skade ly, want onvergewensgesindheid doen altyd leed aan juis die hardvotige persoon.

al groter en groter.

Wanneer mens vasklou aan onvergewensgesindheid, groei dit tot 'n sware las.

Heeltyd wanneer ons verontreg voel, sleep ons die las met ons saam – maar dis 'n las wat God ons nie wil laat dra nie.

Hier is egter goeie nuus! Die Woord sê in Matteus 11:28: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee.”

- **As mens dus na Jesus toe gaan, bevry Hy jou onvergewensgesinde gees en verlos jou van jou verbittering en afkeer.**



#69 Die gevaar van onvergewensgesindheid...



Ja, ek het al baie gesê oor vergifnis. Maar wat van **onvergewensgesindheid**?

As om te vergewe te pynlik voel, dink daaraan dat die alternatief – om nie te vergewe nie – jou oneindig erger pyn sal gee.

Onvergewensgesindheid rig 'n skans op tussen jou en ander mense, asook tussen jou en God. Dit kan lei tot depressie, uitbranding, siektetoestande, gebroke verhoudings en verbittering.

God beveel ons om mekaar te vergewe, omdat Hy ons liefhet.

Hy wil hê ons moet die heerlike vryheid geniet wat vergifnis mens gee, eerder as die pyn en verbittering waarmee onvergewensgesindheid ons beswaar.

en die nagevolge

Een

Onvergewensgesindheid vergiftig mens se hart met verbittering. Verbittering ontstaan uit die weiering om te vergewe, en dit versprei soos infeksie wat elke deel van jou lewe aantast. Woede vlam op, wat gou buite beheer kan woeker.

Twee

Onvergewensgesindheid ketting jou vas aan die verlede. Dit hou die pyn lewendig en die oortreder en die leed wat hy jou aangedoen het, maal en maal in jou kop. Dink mooi: watter nut hou eindelose lyding in? Deur te weier om te vergewe, laat jy die oortreder toe om jou vir die res van jou lewe seer te maak.

Drie

Onvergewensgesindheid open die deur na bose invloede. Die vastrapplek wat Satan in ons lewens kry, volg dikwels juis op ons weiering om te vergewe.

Vier

Jesus stel dit prontweg: “En wanneer julle staan en bid – as julle iets teen iemand het, vergeef hom, sodat julle Vader in die hemele julle ook julle oortredings kan vergeef.” (Markus 11:25). Weier ons om mekaar te vergewe, sal ons hemelse Vader ons ook nie vergewe nie.

#7 Is belydenis nodig vir vergifnis?



***As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig,
en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef
en ons van alle kwaad reinig.***

1 Johannes 1:9

Die belydenis van ons sondes sal help om God se straf af te weer. As ons versuim om ons sondes te bely, sal God se straf volg, tot ons dit doen.



**Hoe verstaan jy dié woorde van Johannes?
Ek dink dis klinkklaar! Ons sondes word
vergewe met die Saligmaking, wanneer
ons weer gebore word as kinders van
God. Dit gaan oor ons wetlike status
voor God – ons word kinders van God.**

Die slotsom vir Bybelse vergifnis


Ons daaglikse belydenis word dan 'n volgehoue proses van ons sondes bely om 'n hegte verhouding met God en sy vergifnis te handhaaf. 'n Behoorlike gemeenskap met God is onmoontlik terwyl daar sondes is wat ons nog nie bely het nie.

- **Ons moet ons sondes aan God bely sodra ons besef ons het gesondig, ten einde 'n hegte gemeenskap met Hom te behou.**

*Jesus het hom geantwoord:
"Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie
van bo gebore word nie, kan hy die
koninkryk van God nie sien nie."*

Johannes 3:3





Mense
vergewe
nie maklik nie

#Die kwessie van #Vals Vergifnis

Vals vergifnis, of pseudo-vergifnis, is wanneer iemand voorgee om te vergewe deur die woorde klakkeloos te sê, sonder om werklik van sy wrok af te sien. Woede, wantroue en 'n gevoel van meerderwaardigheid bly verskuil. Dit kan tydelik, voorwaardelik of selfs 'n magspel wees, eerder as die ware emosionele verlossing wat vrede bring. Dit kom dikwels voor as 'n oppervlakkige 'loslaat', passiewe aggressie of emosionele wedywering, wat verhoudings skade doen deur ware genesing te verhoed en ou griewe aan die lewe te hou.



“En wanneer jy jou offergawe na die altaar bring en daar onthou dat jou broer iets teen jou het, laat jou offergawe net daar by die altaar en gaan versoen jou eers met jou broer, en gaan gee dan jou offergawe.” (Matteus 5: 23-24)



Beste vriende kan verskil, wat onplesierige gevolge kan hê. Dis dus selfs vir hulle nodig om te leer om te vergewe.

- **Waaroor ons tot dusver praat, is wat vergifnis eintlik is. Ware vergifnis in die lewe van 'n Christen volg die voorbeeld van wat God vir ons gedoen het. Hy het die eerste stap gedoen deur ons vryelik en geheel en al te vergewe, selfs terwyl ons nog onvergeefde sondaars, bestem om te sterf, was.**

Wat vergifnis **nie is nie.**

As jy dus wil verstaan wat vergifnis is, moet jy ook verstaan wat dit nie is nie.

Vergifnis is nie om te wag vir die skuldige om jou te kom verskoning vra nie.

Vergifnis is nie om voor te gee dat die skuldige jou nie seergemaak het nie.

Vergifnis is nie 'n gevoel nie; dit begin altyd met 'n wilsbesluit.

Vergifnis wis nie gevolge uit nie.

Vals vergifnis is geen vergifnis nie.

Dink dus diep na oor wat vergifnis is en wat dit vir jou situasie inhou – en dink dan oor wat dit nie is nie. En pas dit dan in jou lewe toe.

Praat: Praat met God oor die persoon wat jy moet vergewe. As jy dit nie gedoen het nie, is dit omdat jy die belangrikheid en implikasies van vergifnis nie besef het nie.

Bid: Vra God om jou te help om vergifnis 'n daaglikse gewoonte in jou Christelike lewe te maak.

Dan: Hoe volledig het jy vergewe? Ervaar jy die seëning en die vrede?

#72 Mense vergewe nie maklik nie 1

Jesus hang aan die Kruis, verskeur deur pyn en sieleangs, tog spreek Hy steeds woorde van meegevoel en liefde:

“Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

Lukas 23:34

In sy Kruislyding vra Hy God om die mense wat Hom gekruisig het, te vergeef. Uit dié woorde van Hom blyk die ware wese van vergifnis – die kragtige getuienis van goddelike liefde en medemenslikheid wat deur onbegryplike pyn en lyding dring.

Nou waarom sukkel ons dan so om te vergeef? Kyk gerus na die volgende veertien verduidelikings.

Verduideliking #1

Dis nie veilig of doenlik om weer iets met dié mense uit te waai te hê nie! Dis onredelik om te verwag ek moet weer met hulle in gesprek tree. Ek sweet al klaar!



Hoekom nie?

Verduideliking #2



Hy toon geen spyt nie, en erken nie eers die pyn wat hy my en my gesin aangedoen het nie. Ek is seker jy verstaan dus waarom ek nie van plan is hom te vergewe nie.

Mense is dikwels onredelik en egosenties. Vergeef hulle buitendien. As jy gaaf is, beskuldig mense jou dalk van eiebelang. Wees buitendien gaaf. As jy eerlik is, verneuk mense jou dalk. Wees buitendien eerlik. As jy geluk vind, kan mense dalk afgunstig wees. Wees buitendien gelukkig.

Die goeie dade wat jy vandag doen, is môre dalk vergete. Doen buitendien goeie dade. Gee die wêreld jou beste, al is dit dalk nie goed genoeg nie. Gee buitendien jou beste.

Want, jy sien, opplaas is dit tussen jou en God. Dit was buitendien nooit tussen jou en hulle nie.



Moeder Theresa van Kalkutta



#7 Mense vergewe nie maklik nie 2

Verduideliking #3

Dit voel makliker om hom te vermy as om 'n nuwe verhouding te probeer bou. Deur weg te bly, beskerm ek my teen nóg leed of onnodige struveling. Sulke mense gee dikwels voor om die slagoffer te wees, wanneer dit juis hulle is wat die probleem geskep het. Ek bly eerder op 'n afstand.



Dis wys om kwaadwillige mense te vermy. Mens is nie verplig om jou met hulle op te hou nie. Vergeef hulle ter wille van jou eie sieleheil in jou hart.

Verduideliking #4

Ek skat ek is reg om my grief te koester. Dit gee my 'n efense gevoel van in beheer wees te midde van 'n situasie wat uiters onbillik voel.



Hoekom nie?

Verduideliking #5

Wat sê jy tog? Myns insiens hou dié verhouding niks positiefs in nie, dus is vergifnis op die oomblik onmoontlik. Jy sal in elk geval verstaan dat ek bang is hy sal my net weer seermaak.



Verduideliking #6

As ek haar vergewe, dink sy netnou ek wil die verhouding her- vat. Dis nie so nie.



“Vader, vergeef hulle,
want hulle weet nie
wat hulle doen nie.”

#7 Mensse vergewe nie maklik nie 3

Verduideliking #7

Ek is kwaad en dis vir my moeilik om te vergeef, want ek voel nog baie vyandig teenoor die persoon wat my seergemaak het.



Persoonlike getuienis

Die persoon wat my seergemaak het, is nou al dood, maar ek wou haar nooit vergeef nie. Nou is ek spyt, want dis te laat; ek kan nooit weer met haar praat nie. Ek het haar nou vergewe, maar dis hartseer dat ek haar nie kan sê nie.

Verduideliking #8

Om iemand te vergewe wat jou te na gekom het, verg geloof – die geloof dat God jou sal genees wanneer jy vergewe. Maar dan wonder jy: hoe versterk mens daardie geloof?



Deur die Bybel met gebed te bestudeer!

Hoekom nie?

Verduideliking #9

Hoe moet ek dit nou antwoord? Ek is steeds betrokke by 'n moeilike en uitdagende situasie, wat eenvoudig nie in die afsienbare toekoms opgelos kan word nie!



My antwoord is: byt vas, hou vol om met die Here te praat en maak seker jy gedra jou stigtelik. Deur lid van 'n gesonde, Bybel-gebaseerde kerk te wees, kry ek raad en krag. Verder laat ek die saak ten volle aan God oor.

Verduideliking #10

Dis natuurlik om met vergifnis te sukkel, want ons is menslik, nie goddelik nie. Hoe meer ons ons weiering om te vergewe, probeer goedpraat, hoe moeiliker raak dit om te vergewe.



#Mense vergewe nie #maklik nie 4

Verduideliking #11

'n Wedergebore kind van God sal vergeef wanneer 'n ongelowige daarmee sal sukkel. Moenie wens dis makliker om te vergewe nie; vra eerder God se hulp deur gebed en maak staat op die krag van die Heilige Gees.



In dié afdeling van vyf bladsye stel ek die vraag: *Waarom sukkel mens so om te vergewe?* As wedergebore gelowiges, lede van 'n ware, Bybel-gebaseerde kerk, is ons onderhewig aan God se gebod.

Ons is nie geroepe om wat menslik, natuurlik of maklik is na te volg nie. Ons opdrag is om in die voetspore van ons Verlosser te trap.

“Vader, vergeef hulle,
want hulle weet nie
wat hulle doen nie.”

Hoekom nie?



Vergifnis sonder verskoning: Jesus vergeef nog voor sy kruisigers skuld erken. Dis leer ons vergifnis gewortel in goddelike deernis, nie menslike gevoelens nie.

Onkunde en wanbegrip: Sy woorde beteken Hy begryp dat sonde dikwels spruit uit blindheid of gebrek aan begrip – nogtans is Hy genadig.

Model vir gelowiges: Dit gee ons die patroon – vergifnis hang nie van die oortreder se berou af nie, maar van ons gewilligheid om Christus se liefde te weerspieël.

#Mense vergewe nie #maklik nie 5

Verduideliking #13



My pyn het my lewe geheel en al omvergegooi, tog lyk dit asof niemand dit werklik verstaan of omgee vir die onreg wat ek aangedoen is nie.

Dis só belangrik om te luister!

Wanneer mens seerkry, sal ware, wedergebore Christenvriende jou bystaan en raad gee. Jy sal die leiding en genesing wat jy nodig het in 'n gesonde, Bybel-gebaseerde kerk ontvang.



Hoekom nie?

Verduideliking #14



Wat my beste vriend aan my gedoen het, is onomkeerbaar! Jy sal tog sekerlik saamstem – vergifnis is sinloos as die skade nie ongedaan gemaak kan word nie.

Staan 'n oomblik stil en kyk weer na die laaste vyf bladsye. Watter van dié verduidelikings is op jou van toepassing?

Herken jy jouself in enige van dié struwelinge? Was jy ooit in 'n situasie waar dit moeilik was om te erken:

"Ek vergewe nie maklik nie."?



#7 Ten slotte: Is vergifnis nodig vir...



Wees verseker, vergifnis is dalk nie altyd 'n kitsbesluit nie, dis dalk nie altyd maklik nie, en dis vir seker nie 'n kitsresep om jou "dinge met God te skik" nie.

Vergifnis is...

Vergifnis is deel van die oorwinning oor die sonde, dis om te antwoord op Jesus se kruisdood en die vergifnis wat Hy ons gegee het. Dis ook om jou aan God oor te gee en Hom in elke opsig te gehoorsaam; dis om deel te word van die liggaam van Christus, sy kerk. Dis om deur Jesus geroep te word om sy vergifnis aan te gryp.

Ja, dis waar dat vergifnis 'n wilsbesluit is deur die persoon wat vergeef. **Nietemin moet ons onthou dat ware vergifnis 'n daad van gelowige gehoorsaamheid is, aangesien die vermoë en dryfkrag om waarlik te vergewe, veral in moeilike omstandighede, spruit uit die inwonende Heilige Gees.**

- Soos Jesus dit klinkklaar stel: "Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan." (Johannes 6:44)

Saligmaking?

Derhalwe, om dié boek oor vergifnis af te sluit, beklemtoon ek die onweerlegbare waarheid dat God, deur Jesus, van geen ander manier weet om te vergewe en die sondaar te verlos as deur Jesus se offerdaad aan die Kruis nie.

Jammerlik, as die verlore siel weier om Almagtige God se vrye aanbod van vergifnis te aanvaar, kies hy vanself die ewigdurende buitenste duisternis.

Dus, aan die einde van dié reeks elementêre boodskappe oor vergifnis, kan ek net sê dat ek die oppervlak van die diepe waarhede oor Christus en vergifnis kwalik aangeroei het.

- Ek eindig met die bede dat die boek die leser sal prikkel om die onpeilbare dieptes van Christus se Waarheid en sy Woord te ontdek.



Ten slotte hoop en vertrou ek dat, nadat jy dié woorde gelees het, Almagtige God jou oë sal open vir die Bybelse waarheid van wat vergifnis vir jou lewe en saligmaking kan inhou.

George Ross

**“Vader,
vergeef hulle,
want hulle weet nie
wat hulle doen nie.”**

"En wanneer julle staan en bid – as julle iets teen iemand het, vergeef hom, sodat julle Vader in die hemele julle ook julle oortredings kan vergeef."

Markus 11:25

"Moenie oordeel nie, dan sal ook julle beslis nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, dan sal julle ook nie veroordeel word nie. Vergeef, dan sal julle ook vergewe word."

Lukas 6:37



Hierdie woorde van Jesus aan die Kruis vorm een van die allergrootste vergifnislesse.

Met ander woorde: Antwoord haat met liefde.

**Gebruik die QR-kode om
ons webtuiste te besoek.**

